


MATIELAND

1 : 1996



# *Anna Basson*

EIENDOMME · PROPERTIES

Tel: (021) 887-4740 Faks: (021) 887-3875

H/v Pleinstraat en Andringastraat

## Stellenbosch



### HISTORIESE KAAPS-HOLLANDSE WYNPLAAS

Praggeboue aan die voet van die bolandse berge met prentjieboekligging en uitsig oor wingerde, vallei, Simonsberg, Paarlberg en Tafelberg. Van die laaste geleenthede om hierdie besondere plaas van 160 HA as 'n lopende boerdery eenheid teen 'n realistiese prys te bekom.

**Skakel Schalk van der Merwe of August Basson**

Tel: (021) 887-4740 (W)

Tel: (021) 886-5122 (H)

Sel: (082) 800-2588



### KAMPUSBELEGGINGS : WOONSTELLE

Nuwe, gewilde ontwikkeling. 2 slaapkamers met skadunet-parkering. R215 000.

### DORPSHUISE

'n Groot verskeidenheid in hierdie segment van die eiendomsmark. 3 slaapkamers, 2 badkamers en ruim woonvertrekke. Dubbelmotorhuis. R465 000.



### MOSTERTSDRIFT

Price on application. Beautiful thatched home in this ever popular area. Rustic finishes. Ample atmosphere and accommodation for the whole family.

#### Na ure / After hours:

Hermine Vermaas (887-1626), Mari Carstens (887-2130), Marlene Erasmus (886-6033), Gretel Gerber (887-9334), Yvonne Blomerus (880-0964).

ISSN 0025 - 5947

JAARGANG 40 1:1996

Voorblad: Die Universiteit spog nou met een van die min, en waarskynlik die grootste, afgietsel in brons van 'n werk deur die beroemde Franse beeldhouer Auguste Rodin in 'n Suid-Afrikaanse openbare versameling. Prof. Muller Ballot, direkteur van die Universiteitsmuseum, is hier by dié werk wat in Frankryk gekoop is en nou permanent in die Sasol Kunsmuseum op die kampus te sien is. Lees die berig hieroor op bl. 26.  
(Foto: Anton Jordaan).

Matieland word drie keer per jaar uitgegee en gratis aan oudstudente en donateurs van die US gestuur.

**Redaksiekantoor:** Afdeling Openbare Betrekkinge, Universiteit van Stellenbosch, Privaatsak X1, Matieland, 7602, tel. (021)808-4633/808-4851; Adreslys tel. (021)808-4634; faks (021)808-4499.

**Redakteur:** Hans Oosthuizen

**Redaksionele advieskomitee:** Proff. Christo Viljoen (voorsitter), Walter Claassen, Flip de Wet, Johan Groenewald en George Claassen; asook mnre. Johan Fechter, Sunley Uys, Douglas Davis en Hans Oosthuizen.

**Ontwerp en uitleg:** Robert Schultheiss, Buro vir Universiteits- en Voortgesette Onderwys (Buvo), US.

**Drukker:** Universiteit van Stellenbosch Drukpers.



**Sunsat ready  
for '97 - bl. 10**



**Pavarotti op  
kampus - bl. 16**



**Straatkinders  
kry hulp - bl. 20**

## MENING

US is verbonde tot die opvoeding van die totale student

**2**

## KURSUSSE/COURSES

M-kursus in Toegepaste Etiek dadelik gewild

**4**

Plant Pathology's impressive 75 years

**5**

## FONDSINSAMELING

Nuwe trust mik na R1 000 miljoen

**6**

Erflatings lewer rekordbedrag

**6**

## NAVORSING/RESEARCH

In die A-kategorie

**8**

Regional research co-operation

**8**

Sperms verklap omgewingsbesoedeling

**9**

Eerste in SA: Nuwe apparaat bevorder studie van mondsiektes

**9**

It's all systems go for Sunsat!

**10**

## PROFIEL

Baanbrekerswerk vind wêreldwyd weerklank

**12**

## SPORT & ONTSPANNING

Maties laat Britte les opse

**18**

Swemmer vereer

**18**

Ex-Maties active at Rainbow Week

**19**

## UITREIK

Nuwe hoop vir straatkinders

**20**

## KUNS & KULTUUR

Erfgeld koop Rodin-beeldhouwerk

**26**

## ALLERLEI

Elize Botha, Schwarz en Stals vereer

**15**

Koning kuier op die kampus

**15**

Hoe Coetzenburg sy vere vir Pavarotti reggeskud het

**16**

Neurochirurg, sakeman en Boer van die Jaar

**22**

Ex-Maties excell as young diplomats

**22**

Oudstudente-nuus

**23**

Personnel-prestasies

**24**

Maties presteer

**25**

Notule: Konvokasie-jaarvergadering

**27**

In memoriam

**30**

Oud-Matie-reünies

**32**

# US reik uit na die TOTALE STUDENT

Deur prof. Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier

Die Universiteit van Stellenbosch het soos vele ander instellings van hoër onderwys, sowel in Europa as in die Verenigde State van Amerika, ontstaan as 'n beskeie instelling gemik op die opleiding van teologiese studente. Dit was die jaar 1866. Die wêreld in 1866 was 'n totaal ander een as vandag.

Vandag beleef ons 'n wêreld wat die gevolge van die val van die Kommunisme moet leer hanteer, maar wat veral die dramatiese impak van die informasie-eeu moet verwerk. In Suid-Afrika staan ons midde-in 'n tydperk van oorgang vanaf 'n eeuvelange verdeeldheid tussen die verskillende bevolkingsgroepe na pogings tot die totstandbring van 'n verenigende *nasie*.

Hierdie veelkleurige nasie moet gebaseer word op 'n demokratiese regstaat wat vir elke individu en vir elke kultuurgroep ruimte en vryheid gee, maar wat kan verenig agter vreugdevolle gebeurtenisse soos die oorwinnings van die Rugbyspringbokke en die Bafana-Bafana van sokker.

Net so is die Universiteit van Stellenbosch van 1996 baie anders as dié van 1866. Hierdie *andersheid* het betrekking op feitlik ALLE aspekte van hierdie instigting se bestaan: sy omvang aan geboue en studente en personeel, sy bestuurstelsels, en sy studierigtigs. Dis 'n instigting wat totaal getransformeert, in ooreenstemming met die veranderende wêreld rondom. Omdat in die huidige tyd in Suid-Afrika die term *transformasie* soveel bybetekenisse van verskillende aard gekry het, verkies ek dit om, soos my kollega, prof. Willie Esterhuysen, onlangs gedoen het, liewers te praat van "*omvorming*".

Omvorming is inderdaad 'n eis vir alle Suid-Afrikaanse universiteite, weens die stroomversnellings waarin ons samelewing hom bevind. Maar ons is so geneig om teen ons eie naeltjie vas te kyk en te vergeet dat omvorming orals ter wêreld 'n eis is wat aan universiteite gestel word, veral die noodsaak om by die realiteit van die inligtingsrevolusie aan te pas.

Nietemin, oor hierdie 130 jaar van omvorming was daar steeds in die geskiedenis van die Universiteit van Stellenbosch en sy voorgangers twee goue drade wat in mekaar vervleg was.

Die eerste was dat Stellenbosch hom altyd tot diens van Suid-Afrika en Suid-Afrika se mense gestel het, en nooit sy wortels elders as in hierdie land se bodem gesien het nie.

Tweedens was hierdie instelling altyd verbonde tot die opvoeding van die totale student, nie net op akademiese terrein nie, maar ook op kulturele terrein. Die Universiteit het hom altyd gesien as die draer van 'n kultuur wat eweneens diep gewortel is in Suid-Afrika. Dit is onlangs duidelik gestel in die voorlegging wat die Komitee van Universiteitshoofde (KUH) in Desember verlede jaar namens die Suid-Afrikaanse universiteite aan die Nasionale Kommissie oor Hoër Onderwys gemaak het: "*The tuition language in an institution is inextricably related to that institution's historical, cultural and community roots*".

Vir Stellenbosch is daardie kultuur reeds vir vele dekades 'n Afrikaanssprekende een, en 'n Afrikaanssprekende een wat oor die afgelope dertig jaar steeds meer en meer inklusief

gedefinieer is. So het hierdie Universiteit bykans dertig jaar gelede, toe die Wet dit moontlik gemaak het, die eerste Afrikaanstalige universiteit geword wat studente van 'n ander kleur as wit begin toelaat het.

Dit het al 'n cliché geword om van Suid-Afrika te praat as 'n *reënboognasie*. In aansluiting by my vorige verwysing na goue drade wat in mekaar vervleg is, wil ek miskien liewers die beeld van 'n veelkleurige tapisserie gebruik, een van die mooiste skeppings van die mens se hande, as dit suksesvol aangepak word. Die Universiteit van Stellenbosch wil as 'n inklusiewe Afrikaanstalige universiteit 'n dik goue draad vorm in die ryk tapisserie van 'n waarlik multikulturele Suid-Afrika.

Dit beteken nie, soos soms geïmpliseer word, dat Stellenbosch of ander Afrikaanstalige opvoedkundige instellings klein huislandjies wil probeer wees nie. Die realiteit aan hierdie Universiteit bewys die teendeel. In 1995 was reeds 17% van die eerstejaarstudente-inname aan hierdie Universiteit uit nie-tradisionele bronne en was 20% van die studente aan die Universiteit Engelstalig. 'n Verdere 5% was óf tweetalig óf het ander tale soos Xhosa of Duits as huistaal gehad.

Multikulturalisme en veeltaligheid is werklikhede van die Suid-Afrikaanse samelewing en hierdie werklikhede moet deur alle opvoedkundige instellings, insluitende universitaire instellings gehanteer word. Ek sê met opset deur ALLE Suid-Afrikaanse opvoedkundige instellings en universiteite, en nié net deur die Afrikaanstaliges soos so dikwels te kenne gegee word nie.

Ek wil en kan my nie uitaat oor hoe ander universiteite hierdie problematiek aanspreek nie, maar in die werklikheid van die Wes-Kaap en die ou Kaapprovincie in die algemeen, waar 'n oorweldigende meerderheid van die bevolking Afrikaans as 'n huistaal het, dink ek nie dat dit onredelik is dat een van die vyf tersiêre instellings in die Wes-Kaap 'n Afrikaanstalige een is, wat daardie Afrikaanstaligheid egter met sensitiwiteit en buigsaamheid hanteer nie.

Slegs as 'n mens hierdie demografiese en geografiese werklikhede in gedagte hou, kan jy die oorvereenvoudigende oplossings wat so dikwels gehoor word vermy, soos dat die studente aan alle universiteite in die land die demografiese samestelling van die land moet weerspieël of dat die personeel van 'n universiteit die demografie van die land moet weergee.

Die Universiteit van Stellenbosch het hom reeds geruime tyd gelede verbind tot 'n stelsel van gelyke geleenthede vir almal, vir sowel studente as dosente. Ons land het te doen met geweldige agterstande op die gebied van die onderwys, agterstande wat met beslisheid en vasberadenheid aangespreek moet word. Daarom het hierdie universiteit hom verbind om sy bydrae tot die aanspreek van hierdie agterstande te lewer. Gevolglik het ons met volle oortuiging die volgende uiteensetting in die KUH se voorlegging aan die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys ondersteun: 1. "*The intake of the university system should rapidly reach a posi-*

*tion where it reflects the overall proportions of the population groups in this country; this should also be true of the major sets of degree programmes across the institutions".*

Terselfdertyd egter word in die betrokke voorlegging baie duidelik gesê dat "proximity, cost, culture, language and/or programme mix, may be associated with individual or regional demographic differences between institutions within the university system, but all institutions should endeavour to ensure that applicants with academic potential whose competitiveness has been impaired by poor schooling are recognised and given opportunities equal to those afforded their more privileged peers". Dit doen ons ook inderdaad deur middel van ons Akademiese Ontwikkelingsprogramme.

Uit die feit dat ek hier bo die omvorming van die Universiteit van Stellenbosch oor 'n tydperk van 130 jaar beskryf het, moet nie afgelei word dat ek aanneem dat hierdie proses van aanpas by veranderende omstandighede altyd 'n rustige en tydsame een kan wees nie. Die moderne wêrld het kleiner geword, die tempo van verandering het



oral ter wêrld versnel, miskien nêrens meer as in Suid-Afrika nie. In die afgelope vyf jaar het die omvorming van die Universiteit van Stellenbosch op vele gebiede met rasse skrede plaasgevind. Ek sou talle voorbeeld kon noem, maar ek volstaan slegs met enkeles.

Die Universiteit as instelling het meer en meer betrokke begin raak by gemeenskapsdiens en bydraes tot die land se ontwikkeling. Hierdie betrokkenheid strek vanaf die Regshulpkliniek tot USKOR se aktiwiteite en tot die totstandbringung, in samewerking met die Vlaamse regering, van 'n ontwikkelingsprogram vir kleinboere. Hierdie en ander aktiwiteite wat reeds aan die gang is of wat tans beplan word, het reeds geweldig daartoe bygedra om die beeld van die Universiteit in sy nie-tradisionele omgewings uit te bou en uit te dra.

As ons na die bestuur van die Universiteit as instelling kyk, was die omvorming van die afgelope paar jaar inderdaad dramaties. Geweldige vordering is gemaak met meer effektiewe aanwending van bronne, veral deur 'n beleid van desentralisasie van besluitneming, wat terselfdertyd bygedra het tot meer deelnemende bestuur aan die Universiteit, waardoor weer veel groter betrokkenheid van elke personeellid vereis word.

Dit het gepaard gegaan met veel groter finansiële deursigtigheid, soos weerspieël in die opstel van 'n sg. feiteboek, wat tot beskikking is van die personeel en wat 'n personeel-

lid in staat stel om die stand van sake in sy of haar omgewing presies te deurskou. Hierdie deursigtigheid werk ook deur na ons studentegemeenskap, waar studente betrek word in talle verskillende forums aan die Universiteit, veral forums wat hulle belangte nouste raak. Op hierdie aspek sal ek later kortlik terugkom.

Ook die breër vrae rondom die Universiteit vorm 'n deel van hierdie prosesse wat ek so pas beskryf het. Die proses van rasionalisasie en beter aanwending van hulpbronne vind plaas binne die raamwerk van strategiese beplanning vir die verskillende fakulteite en hulle afdelings, 'n strategiese beplanningsproses wat onvermydelik ook die strategiese beplanning vir die Universiteit as 'n geheel sal beïnvloed.

Daarom word in hierdie verskillende forums waaroor ek gepraat het, byvoorbeeld in gesprekke met die verskillende personeelverenigings en studentegroeperings, sowel as in die wetlike organe van die Universiteit, soos fakulteitsrade en die verskillende komitees van die Senaat en Raad, intensieve gesprekke gevoer oor die strategiese rigtings wat die Universiteit moet inslaan.

Die student van 1996, ook die Stellenbosse student van 1996, is anders en het ander behoeftes as die Stellenbosse student van 1956 of van 1866. In die gees van demokrativering en ope gesprekvoering wat orals in die land behoort plaas te vind, het die Universiteit van Stellenbosch reeds vier of vyf jaar gelede begin om die studente te betrek in die besluitnemingstrukture en -meganismes van die Universiteit, vanaf fakulteitsrade tot by die Universiteitsraad, en in alle belangrike komitees soos die Fisiese Beplanningskomitee en die Akademiese Beplanningskomitee van die Universiteit. Dit is afgesien nou van die ou gevestigde tradisies van studente-selfbestuur op die engere studenteterrein soos die koshuise en sport. In hierdie verband het hierdie Universiteit inderdaad in baie opsigte die leiding geneem.

Onder andere as gevolg van die inset van studente en huis as gevolg van die insette van talle personeellede aan hierdie Universiteit, het daar veral in die laaste twee jaar omvangryke veranderinge in die kursusaanbiedings van ons Universiteit plaasgevind.

Hierdie veranderinge was nie net die gevolg van die noodsaak van die meer rationele aanwending van hulpbronne nie, maar veral ook die nodigheid om die inhoud van ons kursusse meer op die huidige behoeftes af te stem. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die toenemende klem in ons Fakulteit Geneeskunde op gemeenskapsgesondheid en primêre gesondheidsorg. Ook die nagraadse programme wat op verbeeldingryke wyse sedert vanjaar deur talle departemente in veral die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte aangebied word, toon reeds tekens van groot sukses.

Ons moet egter nooit vergeet dat van die grootste eise vir omvorming, transformasie, aanpassing, of wat u dit ook al noem, nog vir ons voor die deur lê, soos vir alle universiteite wêreldwyd. Soos dit onlangs gestel is in 'n publikasie met die titel "*Transforming Higher Education*" deur die Amerikaanse "Society for College and University Planning": "*Society is undergoing a fundamental transformation from the industrial age to the information age. This is a global*

## US reik uit na totale student

*phenomenon with very significant local implications. All people, organisations, societies and nations are affected, although not at the same pace or to the same degree. Those who realign their practices most effectively to information age standards, will reap substantial benefits. Those who do not, will be replaced or diminished by more nimble competitors".*

Die proses van omvorming is inderdaad nie een wat plotseling plaasvind en dan vir altyd verby is nie. Daarom het ek vir u die voorbeeld van hierdie Universiteit oor die afgelope 130 jaar gebruik. Soos in die *Financial Mail* van 2 Februarie 1996 geskryf is: "Universities are no more there to invent new worlds than to perpetuate old ones. Like all human creations, they are constantly in a state of change".

Hierdie proses is een wat bestuur moet word, maar terselfdertyd een wat op dialoog moet berus. Vir die vorm waarin hierdie dialoog moet plaasvind, kan daar nie 'n eenvormige patroon wees nie, en moet elke instelling gebruik maak van metodes en kanale wat eie is aan homself en sy omgewing. Ons kan ons nie laat insluit in die keurslyf van bepaalde procedures nie, maar ons moet kyk na die verskillende moontlikhede wat ons eie strukture en tradisies vir ons bied. Ek wil egter beklemtoon dat ons hier met 'n proses van dialoog, en dialoog wat oor baie jare reeds strek, te doen het. Terselfdertyd beteken dialoog nie die afbreek van gesag nie.

Dit is verder belangrik dat hierdie dialoog en hierdie proses van omvorming plaasvind binne outonome instellings waar die instelling en die lede van daardie universiteitsgemeenskap akademiese vryheid geniet. Daarom is dit verblydend dat die KUH by sy vergadering aan die einde van Januarie hom sonder teenstem uitgespreek het vir uitdruklike grondwetlike beskerming van die akademiese vryheid van sowel tersiêre instellings as die akademici in diens van daardie instellings. 'n Land en sy ontwikkeling word die beste gedien deur outonome universitaire instellings wat gekenmerk word deur onafhanklike denke.

Terselfdertyd waarborg hierdie outonomie en onafhanklikheid die diversiteit wat so nodig is vir 'n suksesvolle stelsel van hoër onderwys. Uiteraard beteken dit nie dat sulke instellings nie verantwoording verskuldig is aan daardie samelewing wat hulle finansier en dat hulle nie hulle opdrag vir 'n bydrae tot die ontwikkeling van daardie samelewing in gedagte moet hou nie. Maar slegs as ons daardie ruimte laat, sal ons 'n suksesvolle land kan wees.

Ten slotte: Ons moet sorg dat die omvorming van ons stelsel van hoër onderwys terselfdertyd die stabilitet, die noodsaaklikheid vir stabiele inrigtings, nie ignoreer nie. Universiteite is hoogs breekbare instellings, en in Suid-Afrika sou die verlies van die hoë vlak kundigheid aan ons universiteite weens destabilisering katastrofale gevolge vir die hele samelewing kan hé.

Daarom moet ons sorg dat daar in Suid-Afrika se universiteitswese plekke vir vele soorte harte moet wees, maar dat daardie universiteite verbind moet word deur lojaliteit aan hierdie land en aan ideale van geregtigheid. Of soos dit op die voorgewel van ons Kweekskool staan in die spreek van die Universiteit van Utrecht: "*Sol iustitiae illustra nos*". (Die son van geregtigheid verlig ons). •

## Nuwe M-kursus in Toegepaste Etiek dadelik gewild

Die Departement Filosofie bied vanaf vanjaar 'n tweearige, modulêre meestersgraadkursus aan wat in Toegepaste Etiek spesialiseer. Dié studente bring vier tweeweek-besoek (een elke semester) aan die kampus.

Reeds met die aankondiging van die kursus was dit so gewild dat 60 aansoeke ontvang is waarvan slegs 25 gekeur is. Twee derdes van dié 25 is swart ("African") studente. Hulle kom meestal van ander universiteite af - slegs twee van die 25 het nie voorheen aan die US gestudeer nie. En daar was nie 'n spesiale bemarkingspoging nie.

Dié buitengewoon groot belangstelling duif op 'n besliste behoefte vir so 'n kursus, veral in die konteks van die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (HOP), sê prof. Anton van Niekerk, die departementeel voorsitter. Onder die studente is topsakelui, ingenieurs, staatsamptenare, skoolhoofde, en 'n technikon-viserektor, asook 'n parlementslid (mnr. Michael Abraham van die IVP) en die Universiteit van Transkei se geneeskunde-dekaan, prof. Lizo Mazwai.

Die studente spesialiseer in hul tweede studiejaar in een van drie rigtings (mediese, sake- en omgewingsetiek) nadat hulle in die eerste studiejaar aan filosofie en (toegepaste) etiek georiënteer word. Die vier veertiendag-besoek is aan die begin van elke semester. Die res van die tyd werk elkeen huis aan werkstukke en 'n tesis. Dié tesis (van 'n beperkte omvang) tel die helfte van die prestasiepunt.

Engels is die kursus se taalmedium - om dit vir studente wat nie Afrikaans magtig is nie en ook vir buitelandse studente toeganklik te maak. Maar tesisse, seminare en oefeninge kan in Afrikaans ingehandig word.

Nog voor die kursus goedgekeur is, is navrae al uit die buitenland ontvang, onder meer van Die "African Biodiversity Institute" in Kenia.

Die kursus spruit uit die navorsingswerk wat in die afgelope ses jaar aan die Sentrum vir Toegepaste Etiek gedoen is. Dié sentrum (wat in die departement gesetel is) en sy werksaamhede word deur 'n groot borgskap van Ou Mutual gedra.

Die kursus bied aan studente met geen of min filosofie-agtergrond die voordele van opleiding in die Toegepaste Etiek. Sover bekend, is die kursus enig in Suid-Afrika. Aansoeke moet voor Oktober die vorige jaar ontvang word. •



Prof. Anton van Niekerk (middel) en twee van die 25 studente wat die nuwe modulêre meestersgraadkursus volg: prof. Lizo Mazwai, geneeskundedekaan van Unitra, en me. Winnie Mashilane, 'n kliniese sielkundige van Weskoppies, Pretoria.

# Plant Pathology's impressive 75 years

The Plant Pathology Department is celebrating its 75th anniversary this year. Since 1921, it has been a leader in agricultural sciences training and research, in South Africa and abroad.

At its inception three-quarters of a century ago, the department made history when its first head, Dr Paul van der Bijl, became the first professor in this field of study in the British Empire.

The establishment of Plant Pathology in South Africa is directly linked to the development of agricultural teaching at Stellenbosch. Even before the establishment of the department in 1921, a course on the principles of plant diseases was taught at the agricultural school which had been founded in the Department of Chemical and Experimental Physics at the Stellenbosch College in 1887. This college (later known as the Victoria College) became the University of Stellenbosch in 1918.

When the Faculty of Agriculture (now Agricultural Sciences) was founded in 1918 the Department of Agricultural Botany was divided into two departments: Plant Breeding and Plant Pathology. The latter only became a reality with Prof Van der Bijl's appointment in 1921.

During the past 75 years the department has played a major role in training scientists who held influential positions at various universities, as well as in the private and public sectors.

Prof Van der Bijl was succeeded in 1928 by one of his former students, Dr Len Verwoerd, who had obtained the first doctor's degree in Agriculture at Stellenbosch.

From the onset, the department had a strong orientation towards mycology, the study of fungi. Professors Van der Bijl and Verwoerd collected numerous pathogenic fungi, and maintained herbaria. This was later transferred to

Pretoria, where it is now managed by the Plant Protection Research Institute.

Dr SJ (Faan) du Plessis, who succeeded Prof Verwoerd in 1947, was regarded as the father of postharvest pathology in South Africa. This remarkable scientist, who died at the age of 86 last year, left the University in the mid-1950's. He played a major role in reorganising the country's Agriculture Department, and established South Africa's quarantine service.

Dr AJ Louw, who succeeded Prof Du Plessis in 1954, was primarily a fruit pathologist. Prof Peter Knox-Davies, who became head of the department in 1970, excelled in histopathology, cytology and seed pathology.



He was succeeded by the present chairman of the department, Prof Gustav Holz, in 1992. Another lecturer of the department, Prof Martin Hattingh, has been the full-time dean of Agricultural Sciences at the University since 1991. Only 14 lecturers taught plant pathology at Stellenbosch since 1921, reflecting a small staff turnover that has undoubtedly stabilized the department's training and research programmes.

Several former students and staff members of the department have filled prominent positions at tertiary institutions in South Africa, impacting strongly on the growth of Plant Pathology in this country.

Two academics from Stellenbosch who pioneered Plant Pathology at other universities were Dr BJ Dippenaar, who started the University of Pretoria's plant pathology department in 1944, and Dr SJ Truter who founded a similar department at Natal University in 1949.

At least 24 ex-Maties have held high-level posts at Stellenbosch and at the universities of Pretoria, Potchefstroom, Natal, the Free State, RAU, UCT and UWC. The same can be said of the private and public sectors, from central and regional government departments of agriculture to the CSIR, the Plant Protection Research Institute, Infruitec and several other state and para-state bodies and large private companies and organisations.

Since 1921, the department has produced 66 master's degrees and 21 doctor's degrees, as well as 385 publications being published in South African and international journals. This firmly established the department's high national and international standing. •



## Nuwe trust mik na R1 000 miljoen

'n Duisend miljoen rand vir die Universiteit vóór 2010. Dit is Die Stellenbosch Trust, wat onlangs ingestel is, se fondswerwings-mikpunt.

Die nuwe trust kom in die plek van die Stellenbosch 2000-fonds wat einde 1995 sy skenkingsmikpunt van R100-miljoen gehaal het.

As Suid-Afrika 'n wenland wil wees, sal hy baie groot in tersiêre opvoeding moet belê. Sonder 'n paar universiteite van internasionale gehalte, kan Suid-Afrika nie een van die wêreld se sukseslande wees nie. Die Universiteit van Stellenbosch beskou dit as sy plig om 'n bydrae tot dié groot toekomstvisie te maak. Daarom het hy hom geposioneer as 'n universiteit wat na die hoogste gehalte en voortreffelikheid streef - 'n universiteit wat afgestudeerde lewer waaronder ons land nie kan oorleef nie.

Dié groot ideaal plaas egter 'n geweldige finansiële verpligting op die Universiteit. Die finansiering wat die US van die Staat ontvang, is eenvoudig nie meer genoeg nie. Daarom is Die Stellenbosch Trust geskep - om te verseker dat Stellenbosch een van dié universiteite in Suid-Afrika bly.

"Ons in Suid-Afrika het so ewe by die res van die wêreld aangesluit op politieke, ekonomiese, kulturele en laastens akademiese gebied. Tensy ons hier akademies ons kant bring, sal die toekoms vir 'n inrigting soos die Universiteit van Stellenbosch problematies word," het die US Kanselier, dr. Jan van der Horst, onlangs in 'n toespraak by die Universiteit gesê.

Met die bereiking van die mikpunt van R100 miljoen vir die Stellenbosch 2000-fonds het die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, gesê hy wil graag namens die hele Universiteit aan elke donateur wat die afgelope 15 jaar tot die Stellenbosch 2000 fonds bygedra het - hoe groot of klein die skenking ook al was - baie dankie sê vir hul gewaardeerde ondersteuning.

Sedert die ontstaan van Stellenbosch 2000 het die nagraadse Matie-getalle van 2 929 in 1979 tot 4 392 in 1995 gestyg. In 1979 was slegs 25,2% van die US-studente nagraads. Teen 1995 het dié persentasie tot 29,4% gegroeи. Bykans 4 000 Maties het in die afgelope 15 jaar Stellenbosch 2000-beurse ontvang om hul nagraadse studies te voltooi.

Dit is egter 'n wanopvatting dat die US 'n ryk universiteit is, met onuitputlike reserwefondse. Ongeveer 90% van al die skenkings aan Stellenbosch 2000 was geoormerk vir spesifieke doeleindes en daarom is dit onmiddellik volgens die wense van die donateurs aangewend. Dit het veroorsaak dat die US nie 'n groot reserwefonds vir die toekoms kon opbou nie.

Die Raad van Trustees het besluit dat die Stellenbosch 2000-fonds afgesluit en vervang word met 'n groot kapitale veldtogg wat onder die vaandel van Die Stellenbosch Trust gevoer sal word. Die fondswerwingsmikpunt van Die Stellenbosch Trust is R1 000 miljoen vóór 2010 met 'n kapi-

tale reserwe mikpunt van R250 miljoen.

Volgens mnr. Sunley Uys, direkteur van die US Stigting, is skenkings en erflatings ter waarde van R26,7 miljoen in 1995 ontvang. Dit het alle vorige rekords oortref. Om die nuwe doelwit van R1 000 miljoen teen 2010 te haal, word daar na R30 miljoen vir 1996 gemik en sal die skenkingsmikpunt jaarliks met 15% verhoog moet word.

"As ons wil hê die US moet 'n universiteit van internasionale gehalte bly, sal ons toenemend ons finansiële steun aan die Universiteit moet gee" sê dr. Piet Neethling, voorsitter van die Raad van Trustees. "Ek doen 'n beroep op al ons weldoeners en donateurs, en veral ons Oud-Maties, om ruim tot Die Stellenbosch Trust by te dra." •

## Erflatings lewer rekordbedrag

Die Universiteit het verlede jaar 'n rekordbedrag van R9 325 583,34 uit 22 verskillende erflatings verkry. Die kleinste van dié 22 het net R45 beloop en die grootste een meer as R8,5 miljoen.

Die R8,5 miljoen is ontvang uit die FW Beyers Restant Trust. Wyle appèlregter FW Beyers is in 1938 oorlede. Hy is in die Paarl gebore waar hy ook sy skoolopleiding ontvang het. Nadat hy B.A. aan die SA Kollege verwerf het en in Transvaal in die regte verder gestudeer het, het hy prokureur en later advokaat geword.

In 1907 het hy tot die politiek toegetree as lid vir die kiesafdeling Turffontein. Na Uniewording in 1910 is hy aangestel as prokureur-generaal van Transvaal en in 1914 as prokureur-generaal van Kaapland. Hy keer in 1915 tot die aktiewe politiek terug en word in 1924 Minister van Mynwese. In 1932 is hy aangestel as appèlregter.


Hy was getroud en het twee dogters gehad, wat albei kinderloos was. 'n Trust is in sy testament geskep wat bepaal het dat alle bates belê moes word en die opbrengs tussen 'n aantal bevoordeeldes (onder andere die Universiteit van Stellenbosch) verdeel moes word. So het die Universiteit jaarliks 'n inkomste uit die trust gekry.

Die ander bevoordeeldes het deur die jare minder geword of het nie meer aan die vereistes voldoen nie. Die trust is verlede jaar ontbind nadat die Universiteit al bevoordeelde was wat oorgebly het en die kapitaal in die trust is aan die US oorbetaal.

- Bemakings gaan in die toekoms vir die Universiteit 'n belangrike bron van inkomste bly. Vir navrae oor 'n bemaking aan die US, of oor hoe 'n mens die Universiteit in jou testament kan bevoordeel, tree asseblief in verbinding met Philip de Witt by die US Stigting, tel (021) 808-4638.

- Lees ook die berig op bl. 26. •

# Selfs Kundiges Moet Voorsorg Tref Teen Die Onverwagte



Leonardo da Vinci se skets vir 'n reuse kruisboog op wiele, c.1485-88, toon etlike gevorderde ontwerpe.

U is die nuwe-geslag professionele persoon. Te staan voor 'n horde nuwe uitdagings. Nuwe werklikhede. En nuwe verantwoordelikhede. PPS strewe op dieselfde wyse na uitnemendheid, sover dit die voordele en dienste wat aan lede verskaf word, aangaan, as wat Leonardo da Vinci blywende standarde van professionalisme en volmaaktheid daar gestel het.



Verseker dat u u toekoms beskerm terwyl u professionele uitnemendheid nastreef. Met siekte- en ongeskiktheidsvoordele, lewensdekking en annuuiteits-skemas, bied PPS sekuriteit vir u toekoms. Sou u ooit deur swak gesondheid of ongeskiktheid oorweldig word, sal u nie alleen die fort hoef te hou nie. PPS, die beroepsmense, sal u bystaan.


**UNIEKE BESKERMING VIR GEGRADUEERDE PROFESSIONELE PERSONE**



Dis jou vereniging

## NAVORSING

Die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) het prof. Sakkie Pretorius, hoogleraar in Wynbiotecnologie en Mikrobiologie en direkteur van die Universiteit se onlangs gestigte Instituut vir Wynbiotecnologie, as 'n navorser in die A-kategorie uitgesonder. Dit beteken dat hy as 'n wêreldleier op sy navorsingsgebied gereken word.



Die toekenning geskied na 'n proses van nasionale en internasionale eweknie-evaluering. Prof. Pretorius word dus deur die internasionale navorsingsgemeenskap as 'n gevestigde topnavorser beskou.

Slegs 'n handjievol wetenskaplikes in Suid-Afrika geniet A-gradering en prof. Pretorius is een van net drie navorsers - in alle vakgebiede in die land - wat daaruit kon slaag om in die A-kategorie geplaas te word direk nadat hy vroeër die SNO se Presidentstoekenning (vir navorsers jonger as 35 jaar) ontvang het.

Prof. Pretorius beklee sedert verlede jaar 'n dubbele professoraat, in Wynbiotecnologie en Mikrobiologie. Hy is ook direkteur van die Instituut vir Wynbiotecnologie waarvoor die Wynbedryf R5 miljoen beskikbaar gestel het. Die instituut - enig in sy soort in die wynwêrelde - is ten nouste by die opleiding van voorgraadse en nagraadse studente betrokke.

Prof. Pretorius (38) is sedert 1987 'n US-dosent. Hy het aan die Vrystaatse Universiteit gestudeer en 'n doktorsgraad in Mikrobiologie aan die Albert Einstein geneeskundekollege van die Yeshiva-universiteit in New York verwerf.

In 1991 het hy die SNO se gesogte Presidentstoekenning ontvang. Die Akademie vir Wetenskap en Kuns se Havengaprys vir Landbou, 'n navorsingstipendium van die Alexander von Humboldt Stigting in Duitsland, die Ernest Oppenheimer Travelling Fellowship en die BP-navorsingsbeurs vir Landbou is alles in 1993 aan hom toegeken. Verlede jaar het hy ook die Rektorstoekenning vir Voortreflike Onderrig ontvang.\*

# Regional research co-operation

A national confocal microscope facility for the use of researchers in fields such as cell biology, biochemistry, physiology and molecular biology, has opened at the Medical Research Council's (MRC) Experimental Biology Programme in Parow.

The facility received major sponsorships from the MRC and the Foundation for Research Development (FRD), with significant contributions from this region's three universities, Stellenbosch, the Western Cape and Cape Town.

The facility's manager, Dr. Ian Harper assists researchers who want to use the facility, to make the most meaningful analyses of their specimens. Full training is provided.

Confocal microscopy has been likened to a CAT scanner for cells and tissues. It facilitates imaging of the structure and function of cells and tissues when labelled with fluorescent or reflective markers.

Both fixed and living specimens can be viewed and rapid physiological changes such as homeostasis, endocytosis and cell motility, as well as complex morphology and three dimensional structures can also be imaged and quantified. Confocal microscopy has also been used extensively in micro-electronics. Image resolution is excellent and is complemented by a range of image analytical software tools. •



Dr. Ian Harper (seated) demonstrating what the confocal microscope can do. From left are Prof Malegapuru Makgoba, Chairperson of the MRC Board, Prof. Renfrew Christie, Dean of Research at the UWC, Prof. Walter Claassen, Vice-Rector (Academic) of Stellenbosch University and Dr. Walter Prozesky, MRC President.



Dierkundiges het vasgestel dat spermselle van diere baie sensitiief is vir die teenwoordigheid van giftige stowwe in die omgewing. Selfs lank voordat diere enige tekens toon dat die giftige stowwe hulle benadeel, word die spermselle geaffekteer.

Dr. Sophié Reinecke wat in die Departement Soölogie navorsing doen, en haar medewerkers het onlangs 'n artikel in 'n gesaghebbende internasionale tydskrif gepubliseer waarin bevind is dat gifstowwe in lae konsentrasies spermselle kan beskadig en so die voortplanting van die dier kan benadeel. Sy het ook die afgelope tyd voordragte oor dié bevindinge by twee internasionale kongresse in Amerika en Denemarke gelewer.

Elektronmikroskopiese studies van die spermselle van erdwurms wat aan giftige maar nie-dodelike omgewings blootgestel is, het getoon dat sekere plaagbeheermiddels en swaarmetale die spermselle beskadig. Die spermstellings word verlaag en die beweeglikheid van die sperms neem af.

Die jongste resultate dui aan dat die skade so omvangryk kan wees dat dit die diere se voortplantingsvermoë affekteer. Swaarmetale word veral deur nywerhede soos

# SPERMS VERKLAP OMGEWINGS- BESOEDELING

smeltery en myne in die omgewing vrygestel waar dit in die grond beland en dus nuttige grondorganismes kan benadeel.

'n Nagraadse student van die Departement Soölogie, mnr. Dirk Ackerman, het navorsing gedoen oor die sperms van rooibokke in die Krugerwildtuin. Die studie het getoon dat die sperms van rooibokke wat aan koperbesoedeling blootgestel is, ook strukturele skade vertoon wat korreleer met hoë koperkonsentrasies in die bokke.

Dit stem ooreen met bevindinge dat die sperms van rotte en muise wat aan nie-dodelike konsentrasies van metale blootgestel was, meer abnormaliteite vertoon.

Die navorsers meen dat sperms moontlik as hulpmiddel gebruik sal kan word om sekere vorms van omgewingsbesoedeling in 'n vroeë stadium te diagnoeser. Hulle navorsing vind ook aansluiting by die werk wat reeds deur mediese navorsers aan die Universiteit gedoen is.

Navorsing deur prof. Thinus Kruger en sy kollegas van die Infertiliteitskliniek by Tygerberg het bevind dat spermfisiologie baie belangrik is vir die bepaling van die fertilitéitspotensiaal van sperms by die mens. In 'n onlangse artikel (1994) wys hulle op die noodsaklikheid dat navorsing gedoen moet word op die invloed wat omgewingsfaktore het op die bou van sperms. •

## Eerste in SA: Nuwe apparaat bevorder studie van mondsiektes

**Ernstige mondsiekttetoestande** soos kanker en submokosale fibrose kan nou doeltreffender bestudeer word danksy gesofistikeerde apparaat wat deur die Fakulteit Tandheelkunde aangekoop is.

Die apparaat - bekend as 'n "deurlopende vloeipermeabiliteitstoetsapparaat" - is die eerste in sy soort in Suid-Afrika en 'n belangrike komponent in 'n navorsingsprojek om die tempo en hoeveelheid van chemiese stowwe wat deur die mukosa van die mond kan beweeg, te bestudeer.

Benewens sitotoksiese agense wat verband hou met kanker en submukosale fibrose, kan 'n verskeidenheid lokale en sistemies-aktiewe terapeutiese agense ook bestudeer word. Die apparaat kan ook ingespan word om die deurlaataarheid van ander natuurlike en mensgemaakte skanse soos die vel, kornea, ander mukosale oppervlaktes en sintetiese membrane te bestudeer.

Prof. Pieter van der Bijl van die Departement Mondgeneeskunde en Periodonsie (en 'n gereeldel deelnemer aan die navorsingswerk van die US se Navorsingsinstituut vir Mond- en Tandheelkunde) het verlede jaar die Dows-instituut vir Tandheelkundige



Prof. Pieter van der Bijl.

Navorsing in Iowa City in Amerika besoek om die nodige tegnieke te bestudeer. In Oktober het dr. Chris Squier van die Dows Instituut en 'n kundige op die gebied van weefseldeurlaataarheid die Fakulteit Tandheelkunde besoek.

Ruim toekennings deur die Universiteit, die Mediese Navorsingsraad en die Tandheelkundevereniging van Suid-Afrika het die aankoop van toerusting en die internasionale besoeke moontlik gemaak.

Dié instansies verskaf ook die geld vir die lopende koste van die projek, wat ondersteun word deur die Navorsingsinstituut vir Mond- en Tandsiektes en verskeie ander departemente in die fakulteite Tandheelkunde en Geneeskunde.

Die nuwe tegnologie maak nou nasionale en internasionale samewerking moontlik, met navorsers en akademiese inrigtings, asook die privaatsektor - veral farmaseutiese maatskappe wat dikwels pre-kliniese studies laat doen vir middels wat vir oppervlakkige aanwending bestem is.

Die beskikbaarheid van die toerusting en gepaardgaande kundigheid bied ook aantreklike geleenthede vir nagraadse studente om navorsingsprojekte te onderneem. •

# It's all systems go for Sunsat!



Professors Milne and Schoonwinkel with the first model of a satellite which they built together in Prof. Milne's garage. Behind them is the real satellite being assembled.

Photo: Garth Stead

It's still very much all systems go for Sunsat, the University's own microsatellite, currently under assembly in the Department of Electrical and Electronic Engineering's Electronic Systems Laboratory.

On 6 March 1997 Sunsat ("Stellenbosch University Satellite") will blast into space from the Vandenberg Air Force Base in the USA, accompanied by "Argos", a US Air Force satellite (for global observation and research purposes) and "Orsted", a Danish research satellite.

The Sunsat team is working towards having the satellite assembled in May.

Altogether 27 postgraduate engineering students are currently working on the microsatellite. Sunsat's management team include Professors Garth Milne, Arnold Schoonwinkel, Jan du Plessis and Mr Sias Mostert.

Most of the components that will make up Sunsat have already been manufactured and tested. It says a lot for the Sunsat team's enthusiasm and expertise that they designed and built most of the satellite's electronics and mechanics themselves.

Satellite components will include a high resolution imager, a magnetometer (for magnetic research) built by the CSIR's Hermanus Magnetic Observatory, and some eleven trays containing electronic circuitry for various functions.

One tray contains a Nasa Global Positioning System (GPS) receiver. Nasa is funding Sunsat's launch to carry this receiver into space.

Components such as reaction wheels and magnetorquers will also make up Sunsat. Virtually all mechanical items were custom-made by the University's Central Mechanical Services. The University's Central Electronic Services has played a major role in all electronics manufacture.

A satellite dish has been mounted on the roof of the laboratory to enable communication with Sunsat.

Once in space, the satellite will orbit the earth every 100 minutes, at a distance ranging between 500 and 850 kms above the surface. Full colour, high resolution images of the earth will be relayed to the satellite's control centre at the Electronic Systems Laboratory. From here it will also be possible to keep track of the exact location of Sunsat.

School children and amateur radio enthusiasts will be able to communicate with Sunsat, even hearing their own messages beamed back to them via Sunsat's talking "parrot!"

"The flight model should be integrated by June. What will then remain is to test the satellite thoroughly, update some of the modules, and then have it proven safe for launch and air-cargoed to California for attachment to a Delta II rocket," Prof Milne said. •

Jaarliks, selfs teen die einde van Februarie,  
sukkel menige student nog om gesikte verblyf  
op Stellenbosch te bekom.

Deur betyds 'n gesikte woonplek aan te koop,  
kan u kinders hierdie trauma gespaar bly.

## Huisvesting vir studente!

GEBASEER OP DIE HISTORIESE KAPITAALGROEIPATROON  
BEHOORT U SELFS 'N GROOT DEEL VAN HUL STUDIEKOSTE BY  
LATERE VERKOOP TE KAN VERHAAL.

TEL:  
(021) 887-1986

**Tisami**  
EIENDOMME • PROPERTIES


Skakel ons ook i.v.m. u ander eiendomsbehoeftes  
elders in die Wes-Kaap.



Deur die vestiging van nuwe maatskappye verskaaf ons werk aan duisende mense.



Ons dra al jare lank by tot verskeie bewaringsprojekte van die Suider-Afrikaanse Natuurstigting.



Ons sportborgskappe bevorder gesondheid en fiksheid en gee deelnemers die geleentheid om uit te blink.

## Terwyl Sanlam-poliseienaars se geld groei, lewer hulle belangrike bydraes op ander terreine.

'n Sanlam-polis gee jou finansiële gemoedsrus. Maar dit verseker ook jou toekoms op talle ander maniere.

Net waar jy kyk, sien jy jou belegging aan die werk. Dit voed ons ekonomie, bewaar ons natuurlike rykdom. Dit help mense om te ontwikkel en uit te blink, waardig en trots te voel. Terwyl jy

kan uitsien na die beste moontlike opbrengste op jou geld.

Sanlam het geen aandeelhouers nie, maar behoort net aan ons poliseienaars. Die wins op ons beleggings is joune. Maar die geleenthede wat jou

geld skep terwyl dit vir jou groei, bevoordeel ons land en al sy mense.


Vandag en elke dag wat voorlê.

**Sanlam**

Waar u toekoms tel  
Wester!

Ons ondersteun opvoeding op alle terreine.


Nozibele  
JEWELLERY & WATCHES  
REPAIRS



Ons beskou dit as onontbeerlik vir ons ekonomie dat kleinsake floreer. Daarom lewer ons 'n aansienlike bydrae tot die ontwikkeling daarvan.



Ons Mooigoed vir Kleingoedwedstryd gee aan senior burgers die geleentheid om geluk aan vele behoeftige kinders te bring.



'n Belegging in plaaslike kunstenaars verryk ons land se kultuur.

# Baanbrekerswerk

## v i n d   w ê r e l d w y d   w e e r k l a n k

Met 'n tegniese aanleg wat hom nog altyd in staat gestel het om "enigets reg te maak" en 'n praktiese benadering tot sy vakgebied, was prof. Smit die dryfkrug agter die oprigting van die moderne Gene Louw Kankersentrum by die Tygerberghospitaal.

Naas verskeie nuwe tegnieke wat hy vir die behandeling van baarmoederkanker ontwikkel het, was hy ook nou betrokke by die beplanning en ontwikkeling van die mediese komponent van die Nasionale Versnellersentrum by Faure - een van net 15 ter wêreld wat protoonterapie in die behandeling van sekere kankers gebruik.

Daarby was die Departement Bestralingskologie die eerste in Suid-Afrika wat 'n span bymekaar kon bring om moeilik resekteerbare gewasse in die buik met intra-operatiewe bestraling te behandel. Intussen werk hy ook nou saam met ander departemente soos Sentrale Elektroniese Dienste om nuwe apparaat te ontwikkel om kanker deur verhitting doeltreffender te behandel.

### Kankersentrum

Met sy aanstelling in 1978 was dit deel van prof. Smit se werkopdrag om 'n onkologie-eenheid te vestig. Tog vertel hy dat dit heelwat stoei gekos het voor die moderne Gene Louw Kankersentrum (langs die Tygerberghospitaal en spesifiek ingerig om te voldoen aan die behoeftes van kankerterapeute en -pasiënte) 'n werkliekheid kon word.

Vandag is die sentrum waarskynlik die enigste in die land wat spesifiek gebou en ingerig is vir die behoeftes van kankerpasiënte én die personeel wat hulle behandel.

"Ons het destyds na die onkologie-personeel gegaan en presies uitgevind wat hulle en hul pasiënte se behoeftes is. Die sentrum is so ontwerp dat dit aan al die behoeftes voldoen," vertel prof. Smit.

Soortgelyke sentrums oorsee is dikwels ondergronds om te bespaar op beton wat in groot hoeveelhede as beskermingsmaatreël gebruik word in geboue waar daar bestraling gedoen word. Om ernstig siek kankerpasiënte egter die somberheid van ondergrondse behandelingsgeriewe te spaar, is daar besluit om die Tygerberg-onkologiesentrum op grondvlak te bou en dit gerieflik in te rig met goeie beligting, baie vensters en 'n kleurskema wat 'n vriendelike en gerusstellende atmosfeer skep.

Na die oprigting van die sentrum, wat nou jaarliks meer as 2 000 pasiënte behandel, het prof. Smit en sy span se moderne behandelingsprogramme en navorsingswerk vinnig op dreef gekom.

### Die 'Smit-buis'

Die projek wat waarskynlik die grootste impak gehad het in Suid-Afrika en in die buiteland, was die intra-uteriene oftewel "Smit-buis" wat hy ontwerp en ontwikkel het vir die inwendige bestraling van baarmoederkanker.

In Suid-Afrika is baarmoederkanker die algemeenste kanker onder vroue en dit eis jaarliks duisende slagoffers. Dit ver-

teenwoordig 33 persent van alle kanker in swart vroue en is die mees algemene kanker onder bruin vroue; die derde mees algemene kanker in Indiese vroue en die tiende mees algemene kanker onder blanke vroue. Vanweë die onrusbare toename in die voorkoms van baarmoederkanker gee die Heropbou- en Ontwikkelingsprogram voorkeur aan kliniese- en navorsingsaktiwiteite wat gerig is op die beheer van dié siekte.

Tot in die 1970's was die metode wat gebruik is om baarmoederkanker met inwendige bestraling te behandel, laedosis behandellings met radium-gelaaiide silwer- of platinumbuisse. Dié praktyk het egter die dokters, verpleegsters en radiografiste (en tot 'n mate selfs die publiek) blootgestel aan ongewenste bestraling.

'n Vriend van prof. Smit, Charles Joslin, het in die 1960's saam met Ulrich Henschke 'n apparaat ontwikkel om die radioaktiewe bron deur afstandbeheer in die liggaam van 'n kankerpasiënt te plaas en dit binne 'n gegewe tyd weer te verwijder.

In dié stadium was dit 'n revolusionêre gedagte. Die aktiewe radio-kobalt bronre is in 'n kluis geberg, maar mediese personeel kon dit van agter 'n betonskerm deur afstandbeheer in die pasiënt plaas en so verseker dat die pasiënt bestraal word sonder dat die personeel blootgestel word. Dit was 'n uitstekende metode, maar die voorkoms van laat komplikasies was veel hoër as dié vir radium wat in dieselfde nominale dosis toegedien is. Dié probleem kon opgelos word deur die dosis te verminder, maar die getal toedienings te vermeerder. Daar is bereken dat dieselfde effek as dié van die nominale radiumdosis bereik kan word deur 17 dosisse toe te dien.

Wanneer radiumbehandeling in die vroeë stadiums van baarmoederkanker gebruik word, is slegs drie toedienings nodig, maar die pasiënt moet met elke toediening onder narkose geplaas word en 108 uur lank in totale isolasie in die hospitaal lê.

### Eenvoudige beginsel

Aan die ander kant was dit heeltemal onmoontlik en onprakties om deur die afstandbeheerde apparaat, die pasiënt 17 keer te behandel. "Sy sou 17 keer narkose moes kry!" sê prof. Smit.

Dié probleem het prof. Smit laat dink aan 'n intra-uteriene buis. "Die beginsel is baie eenvoudig," sê hy. "Plaas 'n klein buisie in die pasiënt se baarmoeder onder narkose, wat net een keer toegedien word. Die buisie bly in die baarmoeder en dit is eenvoudig en bykans pynloos om die geleidingsbuis vir die radioaktiewe bron daagliks vir soveel fraksies as wat nodig is, deur afstandbeheer in die pasiënt te plaas. Een fraksie word binne minute toegedien. Omdat die buisie binne in die baarmoeder bly, hoef die pasiënt nie eens in die hospitaal te bly vir die duur van die bestralingskursus nie, maar kan sy as buitepasiënt daagliks hospitaal toe kom."

Die buisie word in die baarmoeder in posisie gehou deur 'n


# Finansies & Tegniek

## WORD 'N INTEKENAAR!

AS U INTEKEN OP FINANSIES & TEGNIEK IS DIE VOORDELE:

- \* ONTVANG FINANSIES & TEGNIEK GERIEFLIK WEEKLIKS PER POS.
- \* U BLY OP HOOGTE VAN ALLE SAKENUUS IN 'N SNEL VERANDERDE WÊRELD.
- \* U BETAAL SLEGS R210-00 PER JAAR PLEKS VAN DIE GEWONE RAKPRYS VAN R262-50 PER JAAR.
- \* PLUS U ONTVANG 'N GRATIS TERMOMETER SAKREKENAAR WAT NIE NET DIE GEWONE SAKREKENAAR FUNKSIES HET NIE, MAAR OOK 'N TERMOMETER MET TYD EN ALARM FUNKSIES INSUIT.  
(LAAT ASB. 6 WEKE TOE VIR AFLEWERING)

### JOU GRATIS GESKENK



OF POS DIE INTEKENFORM AAN:  
DIE BEMARKINGSBESTUURDER  
POSBUS 53171, TROYEVILLE 2139

\* AL WAT U MOET DOEN IS OM ONS TOLVRY TE SKAKEL BY 0800-110281 MET U KREDIET-KAARTBESONDERHEDE

OF

\* FAKS DIE VOLTOOIDE INTEKENFORM AAN (011) 404-2034 (DEBIETORDERS OF KREDIETKAARTE)

### INTEKENFORM

#### BESONDERHEDE

Voorletters en Van			
Adres			
		Poskode	
Telefoon (Kode)	Nommer		
Beroep			
KEUSE VAN BETALING ( ) MERK			
<input type="checkbox"/> Debiter asseblief my kredietkaart met R210,00 vir die jaar.			
<input type="checkbox"/> Debiter asseblief my kredietkaart elke drie maande met R52,50.			
My tjek van R210,00 is ingesluit.			
<input type="checkbox"/> Debiter asseblief my tjkrekening elke drie maande met R52,50.			

#### KEUSE NO 1 - KREDIETKAART

Kaartnommer		
Visa	Masterkaart	Verval datum
Ek sal skriftelike kennis gee indien ek wil kanselleer		Handtekening

#### KEUSE NO 2 - TJEK

Banknaam	Takkode
Tjkrekening nommer	


#### KEUSE NO 3 - TOLVRYE INTEKENING

Bel 0800 110281 met jou kredietkaartbesonderhede

ML

Sedert prof. Ben Smit sowat 18 jaar gelede die eerste voltydse professor in Bestralingsonkologie aan die US geword het, het dié departement (destyds slegs 'n eenheid) baanbrekerswerk gedoen wat selfs in die buiteland weerklaan vind.

Deur Sybelle Albrecht



Prof. Ben Smit met die "Smit-buis" waarvoor hy 'n gesogte internasionale toekenning gekry het uit erkenning vir sy "innoverende en baanbrekersbydrae".

paar steke en kan maklik verwijder word sodra die kursus radioterapie voltoooi is.

Hiermee het prof. Smit die probleem om veelvuldige fraksies bestraling toe te dien, so eenvoudig en doeltreffend opgelos dat die tegniek nou oral in Europa en op verskeie plekke in Amerika gebruik word. "Die sukses van die tegniek is daaraan te danke dat dit slegs een narkose - lokaal of algemeen - vereis, en bydra tot pasiëntegerief terwyl die veelvuldige fraksies toegedien word. Die behandeling het baie min komplikasies en die genesingsyfers is selfs beter as dié van radium."

'n Europese Onkologiegroep het 'n protokol saamgestel wat prof. Smit se tegniek aanbeveel. In Amerika gebruik prof.

Colin Ortin van die Wayne State-universiteit, een van die wêreld se voorste radioloë, dit. En in 1990 het die Europese Bragiterapie Gemeenskap die gesogte Kurt Sauerwein-medalje aan prof. Smit toegeken uit erkenning vir sy "innoverende en baanbrekersbydrae" op die gebied van bestralingsonkologie.

## Nuwe tegnieke

Sedert 1981 is meer as 1 600 pasiënte met dié tegniek by die Tygerberghospitaal behandel. Prof. Smit ontwikkel nou ook ander tegnieke om baarmoederkanker deur bestraling doeltreffend te behandel.

Saam met die US se afdeling Sentrale Elektroniese Dienste (SED), het hy 'n apparaat ontwerp wat weefsel met mikrogolf-uitstraling kan verhit. "Hitte en bestraling is sinergisties," vertel prof. Smit. "Deur die baarmoeder te verhit voor dit bestraal word, is die bestraling baie doeltreffender. Hitte help ook om die uitwerking van sekere chemoterapeutiese middels te verbeter."

SED het ook vir prof. Smit apparaat gemaak wat skokke van hoë spanning in baie kort periodes soos nano- tot mikroseconde kan toedien. Kry 'n kankerpasiënt so 'n skok - wat so vinnig geskied dat dit kwalik waarneembaar is - konsentreer sekere chemoterapeutiese middels tot 20-voudig in die areas wat geskok word. Prof. Smit glo dié metode kan gebruik word teen vel- en baarmoe-derkanker, en dalk teen letsels in die mond en limfkliere.

Hy heg groot waarde aan sy shaking met ander departemente. "Dit dra baie by om 'n mens te stimuleer om nuwe oplossings te vind vir probleme waarmee jy in jou vakgebied worstel. Dit het al tot nuwe gedagtes en probleemplossings in my departement bygedra."

## Intra-operatiewe bestraling

Die Departement Bestralingsonkologie se mees onlangse sukses met kankerterapie was 'n program om moeilik-resektable gewasse in die buik met intra-operatiewe bestraling te behandel. Dit beteken dat gewasse, soos pankreas-kanker wat so diep in die buik geleë is dat dit nie van buite bestraal kan word nie, direk bestraal word tydens 'n buikwandinsnyding (laparotomie).

Prof. Smit is baie trots daarop dat sy departement die eerste Suid-Afrikaanse span kon lewer om dié terapie effekief toe te pas. "Die groot dryfvere was dr. Elizabeth Coertze, André Marais, Geoff Coetzee en Delaporte."

Intussen het die departement ook saam met prof. Albert Alberts, wat voorheen aan die Universiteit van Pretoria se radioterapie-departement verbondes was, begin om prostaatkanker-pasiënte met uitsaaings in die been te behandel met die radioaktiewe nuklied, Samarium-153.

Prof. Smit sê pasiënte ondervind binne 24 tot 28 uur na behandeling merkbaar minder pyn, wat tot tien weke duur voor 'n volgende behandeling nodig is.

## Tegniese vooruitgang

Hy sê in die afgelope 30 jaar is fenomenale tegniese vooruitgang gemaak met radioterapie, veral met die ontwikkeling van die Aftaster ("Cat scanner"), ultra hoë X-straal masjiene en liniêre versnellers. Hy was self nou betrokke by die ontwilling van die mediese komponent toe die Nasionale Versnellersentrum by Faure 'n paar jaar gelede opgerig is. Hy was ook 'n sterk voorstander daarvan dat protone by dié sentrum teen kanker gebruik word. "Faure is een van slegs sowat 15 sentra wêrelwyd wat protonbehandeling aangebied," sê hy.

## Laboratoriumwerk

Die Radiobiologie-laboratorium wat hy as hoof van Bestralingsonkologie by die Tygerberghospitaal gevestig het, was nou betrokke by kalibrasiestudies by die Versnellersentrum. "Vandag het die Sentrum van die bes gekalibreerde bundels ter wêreld."

Prof. Smit sê dit het 'n stryd in die kleine gekos om die laboratorium tot stand te bring, maar toe die Universiteit eers daartoe ingestem het, het mense soos proff. Andries Brink ('n vorige dekaan) en Jan Lochner (huidige Geneeskundedeakaan) baie gehelp.

"Dit is 'n besonder produktiewe laboratorium wat voortdurend werk aan toetse wat aandui watter soort bestraling die beste resultate sal lewer in die behandeling van bepaalde kankers. In die proses het ons baie nuwe insigte gekry in die wisselwerking tussen bestraling en gewasse en weefsel."

lewer in die behandeling van bepaalde kankers. In die proses het ons baie nuwe insigte gekry in die wisselwerking tussen bestraling en gewasse en weefsel."

Prof. Smit wys daarop dat bestraling (ook bekend as radioterapie, X-straalbehandeling of kobaltbehandeling) naas chirurgie, die meeste gebruik word om kanker te behandel.

Waar bestraling vroeër by pasiënte vrees ingeboesem het, is daar in die afgelope dekades sulke dramatiese vooruitgang hiermee gemaak dat gewasse nou uiters akkuraat bestraal word - en met die minimum skade aan normale weefsel.

Dié vooruitgang duur steeds voort. "Daar was byvoorbeeld 'n tyd toe dit baie duur was om 'n versneller soos dié by Faure te bou. Met die nuwe kennis en ontwikkelings wat tydens Ronald Reagan se 'Star Wars'-program verkry is, is dit vandag teoreties moontlik om koste-effektiewe plasma-gebaseerde versnellers te bou wat slegs sowat 200 kg weeg. Dit beteken dat protonbehandelings uiteindelik by elke groot hospitaal beskikbaar gemaak kan word. Die eerste van dié versnellers kan in 1998 al 'n werklikheid word." •

# Elize Botha, Schwartz en Stals vereer



Die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, na die gradeplegtigheid in Desember by prof. Botha en dr. Schwarz.

'n Bekende Oud-Matie en US-Raadslid, prof. Elize Botha, veteraan-politikus mnr. Harry Schwarz en die Reserwebank-president, dr. Chris Stals, het US-eredoktorsgrade ontvang.

Prof. Botha het B.A. en M.A. aan die US en 'n doktorsgraad aan die Universiteit van Amsterdam alles met lof behaal, gevolg deur 'n skitterende loopbaan as Afrikaans-dosent en navorser by die Universiteit van Pretoria en Unisa.

Haar wesenlike bydrae tot die prosakritiek blyk onder meer uit talle publikasies oor die jare. Hierdeur oefen sy 'n vormende invloed uit op die denke oor die literatuur en op jong skrywers.

Sy het ook 'n besondere rol in die kulturele lewe van die breëre Suid-Afrikaanse gemeenskap vervul. Sy was die eerste vroulike voorsitter van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, en het ook in verskeie ander rade, kommissies en verenigings gedien. In 1989 is sy vereer met die Orde vir Voortreflike Diens (Silwer) van die Staatspresident, en vroeër verlede jaar het sy 'n eredoktorsgraad van die Universiteit van Pretoria ontvang.

Dr. Schwarz het by Wits B.A. en LL.B. verwerf. Hy het in 1951 tot die aktiewe politiek toegetree en was lid van die Johannesburgse Stadsraad, lid van die Transvaalse Provinciale Raad, Transvaalse leier van die Verenigde Party en gedurende 1974-91 die LV/LP vir Yeoville. Daarna was hy tot 1994 die SA ambassadeur in Amerika. Hy het die Orde vir Voortreflike Diens (Klas Een, Goud) en verskeie ander toekennings, ook uit die internasionale gemeenskap ontvang.

Harry Schwarz het hom op talle terreine van die lewe onderskei, maar die prestasies waarvoor die US hom hoofsaaklik vereer het, is sy kompromislose en konsekwente bevordering van menseregte, sy besondere diens aan Suid-Afrika as parlementariër en as ambassadeur, en die wyse waarop hy in sy eie lewe kulturele diversiteit met die ideaal van nasionale eenheid versoen het.

Dr. Stals, 'n oud-Tukkie, het die afgelope twee dekades 'n sleutelrol in die Suid-Afrikaanse ekonomie vervul. Miskien sy grootste bydraes het hy gelewer op die gebied van die



Die Kanselier, dr. Jan van der Horst, ken die eredoktorsgraad aan dr. Stals toe.

finansiële beleid. In dié tydperk, en veral as president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, het hy bekendheid verwerf vir sy suksesvolle hantering van 'n aantal van die ernstigste finansiële probleme waarmee Suid-Afrika nog te kampe gehad het. Ook het hy hom onderskei as sentrale bankier van formaat. Deur dit alles het hy besondere agting afgedwing by binnelandse en buitenlandse beleggers, by sakelui en in regeringskringe.

Dr. Stals is reeds verskeie kere vereer, onder meer met die Staatspresident se Dekorasie vir Voortreflike Diens. Sy heraanstelling as President van die Suid-Afrikaanse Reserwebank beklemtuur eweneens die vertroue wat die Regering van Nasionale Eenheid in hom en sy besondere vermoëns het. Hy het hom immers gevinstig as 'n simbool van finansiële dissipliine in Suid-Afrika. In 'n nuwe Suid-Afrika word hy tereg as een van die belangrikste rolspelers beskou. •

## Koning kuier op die kampus



Een van die belangrikste buitenlanders wat onlangs by die Universiteit was, koning Carl XVI Gustaf van Swede, langs prof. Andreas van Wyk, Rektor en Visekanselier, besig om die US se besoekersboek te teken. Verskeie voorste Sweedse nyweraars het die koning Suid-Afrika toe vergesel om bande met hoëtegnologie-maatskappye en wetenskaplikes te versterk. •

# Hoe Coetzenburg sy vere vir Pavarotti reggeskud het



Werkspane besig om die massiewe verhoog op Coetzenburg staan te maak.

LUCIANO PAVAROTTI het toe reggékry presies waarvoor hy hierheen gekom het. Soos oral ter wêreld waar hy optree, het dié wêreldberoemde tenoor ook die Stellenbosse en Pretoriase gehore oorrompel.

Daarby het sy eerste uitvoering in Suid-Afrika, in die Danie Cravenstadion, die Universiteit se Coetzenburg-sportkompleks aansienlik hoër op die gewildheidssleer geplaas as gesogte plek om sport- en kultuurgeleenthede vir massa-skare aan te bied.

As mnr. Belius Potgieter, direkteur van die US Sportburo, sê Coetzenburg word wêreldwyd vir die aanbied van groot geleenthede bemark, kan 'n mens dit maar glo, want dit was hy wat saam met mnr. Dawie Snyman van die US Rugbykantoor die senusentrum beman het waar alle plaaslike reëlings vir die Pavarotti-optrede gekoördineer is. En, ruimte vir verbetering hier en daar ten spyte, was dit 'n uiters geslaagde onderneming en is almal geesdriftig oor soortgelyke aanbiedinge in die toekoms.

Nooit tevore is op Stellenbosch só 'n groot skare in só 'n

'n Deel van die reuseskare van 27 000 by die Pavarotti-konsert in die Danie Craven-stadion

beperkte ruimte ingepas nie, sê mnr. Shaafie Pool, voorsitter van die dorp se taxi-vereniging asook van die Boland Taxifederasie en in beheer van die vloot taxi's wat die parkeer-en-ry hoflikheidsdiens na en van die stadion verskaf het.

Die 27 000 konsertgangers na die stadion, plus etlike honderde mense van buite Stellenbosch wat nie in die stadion kon ingaan nie maar ook opgedaag het om "sommer net te kyk", is uiteindelik gehanteer sonder die aanmeld van 'n enkele ongeluk, of diefstal uit 'n geparkeerde voertuig. Dit spreek boekdele vir uitstekende kommunikasie, spanwerk en toewyding.

Hiervoor gee mnr. Potgieter graag die eer aan mnr. Willie Prins, pas afgetreden hoof van Stellenbosch se verkeersdepartement, en sy span asook kol. Sakkie van Zyl en sy personeel van die SAPD.

'n Patroon van samewerking tussen die Sportburo en dié diensterreine was reeds aan't ontwikkel uit "oefenlopies" met prestige-atletiekbyeenkomste, die Winfield Sewes-rugbytoernooi en die wedstryd en toets wat as deel van die Wêreldbeker-rugbytoernooi in die Danie Cravenstadion aangebied is. Dié reeds bestaande verstandhouding het die Pavarotti-konsert se aanbieding aansienlik vergemaklik.



Foto bo: Aan die einde van die uitvoering op Coetzenburg - Luciano Pavarotti se eerste in Suid-Afrika - omhels hy die Amerikaanse sopraan Kathleen Casello, wat saam met hom opgetree het, en die Italiaanse dirigent Marco Amiliato.

Die bal is aan die rol gesit toe Rainbow Productions mnr. Snyman in Julie 1995 genader het oor die moontlikheid van die Craven-stadion vir Pavarotti se enkele optrede in die Kaap.

Hazel Feldman Showtime Concerts het die voorstel aanvaar, die Universiteit het ja gesê dat Coetzenburg vir 'n kultuurgeleenthed van so 'n omvang gebruik word en in September 1995 is die eerste beplanningsvergadering in die Jannie Maraishuis, die Sportburo se hoofkantoor, gehou.

Die Sportburo moes al die plaaslike reëlings koördineer: toegangskontrole, parkering, massaskarebeheer, sekuriteit, die geriewe vir en aanbied van verversings en die inrig van noodsaklikhede soos tente vir noodhulp.

Skakeling met die polisie, die verkeersowerheid, Kampusbeheer, die plaaslike hospitaal, brandweer en ambulansdiens en 'n sekuriteitsmaatskappy het onmiddellik begin en hierna is 'n werkprogram met byna militêre stiptheid aangepak.

Die konsert was op 'n Sondagaand, vroeg-Januarie wanneer mense meestal nog die vermoeienis uit die ou jaar uit ontspan, en van die Universiteit se noodsaklike afdelings nog gesluit is. Waar nodig, moes buitehulp dus gebruik word.

**SUSAN CARSTENS vertel van die gewerskaf agter die skerms om 'n unieke gebeurtenis - en seker die grootste saamtrek nog op Stellenbosch - moontlik te maak.**

Foto's: The Argus

Geen besonderheid durf die aandag ontglip nie - soos die lading elektrisiteit wat nodig sou wees om al die ligte, klankversterkers, oonde vir voedselbereiding en noodkrag in stand te hou. Vir dié berekening is ingenieurshulp ingeroep.

Voorbereiding van die stadion het reeds op 14 Desember begin toe die verhoog se steiermateriaal afgelê is. Die verhoog ter waarde van R2,5 miljoen en klanktoerusting van sowat drie ton is spesial vir die twee konserte in die land hierheen ingevoer. Daar is ook 15 000 stoele aangekoop om bykomend in die stadion uitgepak te word. Dié is van Stellenbosch vir die konsert na Pretoria vervoer en daar van die hand gesit.

Van 14 Desember af is net Kersdag en die helfte van Nuwejaarsdag gerus, vertel mnr. Potgieter. Elke ander dag was dit moue oprol van vroeg tot laat.

En toe die laaste mens die verhoog ná die konsert verlaat, is onmiddellik met die aftakeling daarvan begin. Al die materiaal moes vyf dae later in Pretoria wees. Om drie-ur Maandagoggend was die eerste vragmotor reeds onderweg na Pretoria.

Die Pavarotti-gehoor was meestal ouer as die sporttoeskouers aan wie hulle gewoond is, was 'n waarneming van mnr. Potgieter. Sommige gaste het spesial van die buitenland gekom vir die konsert, ander toeriste het hul toerprogram óm die konsert beplan en baie mense het uit ander dele van die land vir die groot gebeurtenis Stellenbosch toe gekom.

Gelukkig het M-Net met sy televisie-uitsending 'n nog groter skare operaliefhebbers die geleenthed gegee om deel te hê in dié unieke saamtrek van mense, wat seker die grootste nog in die geskiedenis van Stellenbosch was.

Die konsertgangers, geklee van heel informeel tot in deftige aanddrag, was ook arroganter en het verwag dat diensle-wering by die hoë prys van die toegangskaartjies pas, sê Belius Potgieter. En verstaanbaar so!

Vroegmiddag al het gaste met piekniekmandjies aan die arm en heelwat Italiaans op die lippe ver ente deur die Eikestad stadion toe begin drentel waar 'n aansteeklik ontspanne atmosfeer van welwillendheid en vrolike afwagting geheers het.

Die span van dertig wat die verkeer moes reguleer, het volgens 'n vaste plan gewerk om die talle en talle motors, die sowat 50 toerbusse en die 24 heen-en-weer vlegtende taxi's elk veilig tot by die stadion te bring en geparkeer te kry. Om 27 000 konsertgangers almal betyds deur die stadionhekke te hê en die "sommer-net-kykers" nie aanstoot te gee nie, was 'n formidabele taak.

Hier het ervaring geleer dat kentekens aan diensvoertuie en rigtingwysers langs die paaie nie te groot of te veel kan wees nie. Besoekers het net één ding in die kop gehad: Hulle is op pad na historiese Stellenbosch en het pylreguit na die bekende Dorpstraat gekoers, al sê die rigtingwysers nou ook wát. Dorpstraat is waar hulle wou wees.

Vir toeskouers én organiseerders was dit 'n groot oomblik toe Pavarotti, omring deur Coetzenburg se berge en bome, op die verhoog verskyn, en met die reuse-skare opeens doodstil. Jy kon 'n speld hoor val. En toe die ongelooflike klank... Selfs die reën het gewag tot later. •

# Maties laat Britte les opsê

**Die Matie Netbalklub se toer met twee spanne deur Brittanje en Ierland vroeg vanjaar het 15 oorwinnings uit sestien wedstryde opgelewer - en dit teen top-universiteite en selfs nasionale spanne.**

Slegs die sterk Noord-Ierse nasionale span (wat in die Netbal Wêreldbeker-toernooi verlede jaar in Birmingham baie goed gevaar het) kon die Maties met 'n naelskraap 40-36 klop. Die Maties se tweede span het by dié geleentheid die Noord-Ierse o.21-span oortuigend verslaan.

Die toer het plekke ingesluit soos Londen, Cardiff, Belfast, Glasgow, Leeds en Bradford. Naas die Noord-Iere het die Maties ook te staan gekom teen spanne soos die Walliese o.23 en o.21.

Brittanje se tweede beste universiteitspan, Cardiff, is met 46-27 oorrompel. Die Walliese o.23-span is met 50-33 geklop.

Onder die ander oorwinnings was dié oor Yorkshire County, South East England University, Leister County, Glasgow en die Leeds Metropolitan Universiteit.

Die Maties het voor hul vertrek uit Stellenbosch 'n intensieve oefenkamp in die DF Malan Gedensentrum op



Die Maties se eerste netbalspan, wat verlede jaar die Superliga in die Boland-unie gewen het en ook (uit 18 deelnemers) die SA Universiteite-kampioen was. Die spanlede en beampies is (agter) mev. Didi Tourell (US gymnasium-bestuurder), dr. Liz Bressan (Menslike Bewegingskunde/Vision Training), Leana Lourens, Heidi van Eeden, Patrys Basson, Lana van der Westhuizen (kapt.), Anneke Brink, (onder-kapt.), Santie van der Walt, mej. Cindy van der Merwe (aërobiese instrukteur), mev. Ranel Venter (klub-presidente). Voor: Hanri van Wyk, Sandra du Plessis (afrigter), Natasha Westdyk en mntr. Willie Gordon (video-opnames, Menslike Bewegingskunde).

Coetzenburg gehou. Dit het baie bygedra tot hul doelgerigte voorbereiding en samespel, het Sandra du Plessis, hul afrigter gesê. Baie van die toerlede het uit eerste- en tweedejaar-studente bestaan, wat die prestasies nog merkwaardiger maak. "Hulle was ook op en van die veld af ware ambassadeurs vir die Universiteit en vir Suid-Afrika," het mej. Du Plessis gesê.

Die Maties se eerstespan was verlede jaar die wenners van die Boland Superliga asook die SA Universiteite-toernooi (waaraan 18 universiteite deelgeneem het). Dit was die derde uit 25 jare wat die Maties die SA Universiteite-toernooi gewen het. Hulle was ook al 24 keer (uit 32 jare wat deelgeneem is) die Boland-ligawenners.

• Vyf van die 12 spelers in die SA span wat tweede gekom het by die 1995 Wêreld Netbaltoernooi was oudlede van die Matie-netbalklub. •

## SA kaptein



Bronwyn Bock, 'n derdejaarstudent in Menslike Bewegingskunde, wat vir die derde jaar in die SA o.21-span opgeneem is, en ook as kaptein gekies is vir die span se deelname in Augustus vanjaar aan die o.21-wêreldnetbaltoernooi in Toronto, Kanada. Sy was verlede jaar kaptein van die Boland o.19-span wat in die Cosanajeugtoernooi van Suider-Afrikalande in Botswana onoorwonne geëindig het. Bronwyn het die toekenning as algehele beste speler by dié toernooi ontvang.

## SWEMMER vereer



Foto: Eikestadnuus

Marianne Kriel, wat aan die einde van verlede jaar met 'n B.A.-graad aan die Universiteit afgestudeer het, het van die National Sports Council (NSC) 'n spesiale toekenning (die eerste in sy soort) vir haar bydrae tot Suid-Afrikaanse sport ontvang. Sy is vereer vir haar diens, toewyding en kapteinskap van twee nasionale swemspanne en "vir daardie ekstra myl wat sy vir haar spanmaats sal aflê." Marianne het Suid-Afrika voorverlede jaar by die Statebond Spele in Victoria met onderskeidings gelei en was ook kaptein van die SA swemspan wat verlede jaar met groot sukses aan die Afrika Spele in Harare deelgeneem het. Sy is een van die wêreld se 20 bestes in die 100 en 200 rugslag.

# Ex-Maties active at Rainbow Week

Ex-Maties and Stellenbosch University lecturers played a leading role in the International Rainbow Week, which was held in Cape Town



Prof. Edith Katzenellenbogen (left) at the Rainbow Week Symposium, with overseas visitors Prof. Wolf Brettschneider (Berlin University) and Prof. Margot Talbot (Leeds University). Photo top right hand corner: Sport Talent identification at Coetzenburg as part of Rainbow Week's children's gathering.



Professor Edith Katzenellenbogen of the Human Movement Studies Department was convenor of the symposium management committee. Seven of the eight committee members were ex-Maties.

Rainbow Week is an international gathering of children, youth leaders, professionals and academics devoted to building friendships through sporting, cultural and environmental activities. Fourteen gatherings were held since 1979. Prof. Katzenellenbogen attended the 1991 Rainbow Week in Moscow.

The Rainbow Week in Cape Town was a triangular event, consisting of a children's gathering, an exhibition and a symposium. The overall theme was "Children - the key to the future."

Symposium delegates visited Stellenbosch University's Human Movement Studies Department, the new University gymnasium and the Coetzenburg sports complex. All the symposium papers were printed by the University's printers.

The 27 delegations consisting of 400 children (10-12 years old) and their accompanying adult monitors from 14 countries spent a day at the University, for a nature excursion, fun games and a sport talent identification testing session at Coetzenburg. Matie students acted as hostesses to the children's delegations for the entire week. •

## Toe jokkel nog 'n gesukkel was

**Mev Bettie van der Merwe van Middelburg, Wes-Kaapland, vertel van haar "pioniersjare" as Matie:**

Ek het die artikel oor die verbeterings aan die gimnasium op Coetzenburg (Matieland 3:1995) met deernis gelees. In 1938 toe die eerste driejaar diplomakursus in liggamsopvoeding aan die US ingestel is, was ek een van die studente.

Daar was geen gimnasium nie. Die meeste oefeninge was op die voetbalveld voor die pawiljoen. Apparaat-oefeninge is in 'n baie ou saal verder langs die Eersterivier gedoen. Ek was soms bang dat die saal se vloerplanke sou meegee as ons so spring en tekere gaan. Die klapperhaarmatte was oud en afgeloeft, en as ons op hulle te lande gekom het, het stofwolke om ons losgebars. Daar was gou 'n muwwerige stofreuk in die saal.

Op reëndae het ons ook op die voetbalveld geoefen, met die druppels wat van ons aftap. Die stortgeriewe was min, en om betyds by ons teoretiese klasse te kom - almal het gelukkig fietse gehad - het ons tot drie-drie saam gestort.

Sommige teoretiese klasse was onder die pawiljoen - waar dit half-donker en benouderig was. Ander teoretiese klasse was in die Ou Hoofgebou en ou Opvoedkundegebou. Stel jou voor hoe ons hot en haar tussen Coetzenburg en die kampus moes jaag, met 'n pouse van tien minute! Gelukkig was ons jonk en lewenslustig, en alles is met oorgawe gedoen. Die owerhede het later toestemming gegee dat vroustudente 'n bruinrooi uniform met wit knopies voor en S.D. in wit op die sakkies geborduur kon dra, met sokkies en ons bruin leer oefenskoene daarby - wat 'n verligting.

Die swemklasse was in die ou munisipale swembad, wat

ook redelik klein was. Aan die een sykant het jy by 'n deur ingegaan, en aan albei kante was sitplekke vir toeskouers. Daar was net genoeg plek rondom die swembad vir een mens om gerieflik te loop. Koud of warm, ons moes vir 'n uur in die water bly. Ons Duitse afrigters het geglo alle mense op aarde moes kon swem!

Atletiekafrigting was ook op die voetbalveld voor die pawiljoen. Menige middag het ek daar sit en kyk hoe Oubaas Markötter die eerste en tweede rugbyspanne afrig - wat 'n belewenis.

In 1939 is die gimnasium en swembad, volgens Olimpiese standaarde, voltooi. Alle matte en apparate was nuut, en die ontklee- en stortgeriewe was 'n lus om te beleef. Net die hoë duikplank was vir my vreesaanjaend. Die meeste teoretiese klasse was nou in die nuwe gebou.

Net ses vroue het die kursus begin en voltooi. Ek dink daar was agt mans. Dit is wonderlik om te sien dat studente, sportliefhebbers, die personeel en die publiek nou die nuutste verbeterings kan geniet. Hoe heerlik moet dit nie wees om vandag L.O. te studeer nie!

**Baie dankie vir dié interessante inligting, mev. Van der Merwe. Dié departement (wat die oudste vir dié vak in SA is) se naam is enkele jare gelede van "L.O." na "Menslike Bewegingskunde" verander. Landwyd staan die vak as "jokkel" bekend (kyk Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal) omdat die eerste Stellenbosse departementshoof dr. Ernst Jokl was - 'n Amerikaner wat later terug VSA toe is en steeds daar woon. Dr. Danie Craven van rugbyfaam was ook lank departementshoof. Die huidige hoof is prof. Justus Potgieter - Red.**

## **Skenkings van R800 000 oor vyf jaar kan 'n US-projek help om uiteindelik 'n groot aantal van die Kaapse metropolitaanse gebied se hawelose kinders met spesiale straatskole te bereik.**

Bonnita skenk dié geld vir die straatskoolprojek wat verlede jaar begin is om na Stellenbosch se straatkinders uit te reik.

Dr. Gerrie Smit, 'n dosent in Opvoedkundige Sielkunde, is die projekleier. Die Universiteit se Sentrum vir Onderwysontwikkeling (Senous) administreer die projek. Die Bonnita straatskool-ontwikkelingsprogram is 'n onderafdeling van die Care-projek, 'n holistiese gemeenskapsaksie vir straatkinders in die Stellenbosse omgewing.

In 'n RGN-studie in 1993 is daarop gewys dat dié kinders se lewens oorskadu word deur faktore soos ongeletterdheid, min of geen skoling, seksuele uitbuiting, fisiese misbruik, verwaarlozing, armoede, misdaad, kinderarbeid, swak sosialisering en bedelary.

Die RGN-ondersoek het ook daarop gewys dat alternatiewe vir plekke van veilige bewaring en verbeteringskole gevind moes word, dat opvoedkundiges na dié kinders in hul straatsituasie moet uitrek en dat alle inisiatiewe om hulle te help, sterk opvoedkundig gerig moet wees.

Die straatskoolprogram sluit straatuitreikaksies, voeding, nie-konvensionele skoling asook sosiale-, sport-, gesondheids- en opvoedkundig-terapeutiese programme in. Die doel hiervan is om die straatkind in 'n proses op te neem waarin hy self na 'n meer sinnvolle bestaan sal streef.

Hierna is die verdere doelstellings om die kind in die gewone skool op te neem en 'n vorm van behuising te verskaf - 'n funksie wat deur mnr. Chris Peel en mev. Susan Burger van die Care-projek gekoördineer word. Van dié kinders is al in 'n gemeenskapshuis opgeneem en woon sedert Januarie vanjaar gereeld die gewone skool by. In die proses is hulle ook van gomsnuif en ander vorme van dwelmmisbruik gerehabiliteer.

Waar moontlik, word die kinders weer met hul ouers of ander familielede herenig. In straatskoolverband is 'n breë infrastruktuur ontwikkel en kundige personeel aangestel om die kinders in die proses te ondersteun.

Meer belangstellendes uit die verskillende gemeenskappe sal later vanjaar opleiding ontvang om met die kinders op 'n nie-konvensionele manier te werk.

Dit is die eerste keer dat Bonnita, wat reeds ruim sportborgskappe aan die US gegee het, by 'n universiteitsprojek vir minderbevoordekte betrokke raak. Die Rektor en Visekanselier, prof. Andreas van Wyk, het met die formele oorhandiging van die skenking beklemtoon dat gemeenskapsdiens naas onderrig en navorsing 'n belangrike taak van die Universiteit is.

Senous se direkteur, dr. Albert Weideman, sê aangesien die konvensionele metodes nie by straatkinders werk nie, moet daar 'n nuwe benadering wees en die kinders moet onderrig word waar hulle is - vandaar die projek se benaming: Bonnita Straatskool.

Dr. Smit sê die projek streef na samewerking met die kinders se ouers of voogde en met skole, maatskaplike werkers en die gemeenskap. Daar word gepoog om die kinders so gou as moontlik nadat hulle op straat begin leef,



## **Nuwe Hoop vir straatkinders**

te identifiseer en hulle in die program op te neem.

Die straatskool hanteer ook klages van die publiek oor die kinders se gedrag, en probeer om by die publiek begrip te kweek vir die dilemma van straatkindwees. Die skool dien ook as 'n ondersteuningsdiens vir die polisie, wat dikwels kinders vir oortredings moet aankeer, maar hulle dan weer aan die lewe op straat moet uitlewer.

Straatkinders sal altyd met ons wees. Die Bonnita straatskoolontwikkeling met dr. Smit as koördineerder en sy span probeer om dié realiteit so doeltreffend as moontlik aan te spreek. •

# Opvoedkunde rasionaliseer

In die Opvoedkunde-fakulteit is daar nou net vier departemente in plaas van tien soos voorheen. Dié vier is Didaktiek, Menslike Bewegingskunde, Opvoedingsbeleidstudies, asook Opvoekundige Sielkunde en Spesialiseringsonderwys.

Die nuwe Departement Didaktiek met prof. Tom Park as hoof sluit in die vorige departemente van Afrikaans (Opvoedkunde), Didaktiek, Engels (Opvoedkunde), Musiekopvoedkunde en Skoalkuns. Prof. Justus Potgieter is soos voorheen hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde, wat nie deur die veranderings geraak is nie. Opvoedingsbeleidstudie (onder die leiding van prof. Nic Prinsloo) omvat die vorige departemente Filosofie van die Opvoeding en Historiese Opvoedkunde, asook Onderwysadministrasie en Vergelykende Opvoedkunde.

Opvoekundige Sielkunde en Spesialiseringsonderwys kom in die plek van twee vorige departemente: Opvoekundige Sielkunde, asook Ortopedagogiek en Buitengewone Onderwys. Dié nuwe departement se hoof is prof. Charl Cilliers wat vanaf senior lektor bevorder is. 'n Nuwe aanstelling in die departement is prof. Petra Engelbrecht, voorheen van die Universiteit van Pretoria.

Ander onlangse akademiese bevorderings en aanstellings by die Universiteit is:

In die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is prof. Herman Kruysse aangestel as professor in Sielkunde. Prof. Philip Nel van die Departement Politieke Wetenskap, wat medeprofessor was, het professor geword. By Beeldende Kunste is dr. Marion Arnold en mej. Chantal Mayer en Jean Brundrit aangestel as senior lektore. Mej. Bernadette Searle is as junior lektor aangestel. In die Fakulteit Natuurwetenskappe is twee nuwe dosente, dr. Hans Eggers (senior lektor) en mnr. Greg Hillhouse (lektor) in die Departement Fisika aangestel. Mnr. Brink van der Merwe is as lektor in Wiskunde aangestel. Mev. Marna van Deventer is as junior lektor in Rekenaarwetenskap aangestel.

In die Fakulteit Landbouwetenskappe het die Departement

Biometrie as afsonderlike departement opgehou bestaan, en ressorteer nou met dr. John Randall as dosent onder die Departement Genetika.

Die nuwe hoof van die Departement Landbou-ekonomiese is prof. Nick Vink. In die Departement Plantpatologie is dr. Pedro Crous bevorder tot medeprofessor. Me. Sandra Denman is 'n nuwe lektor. Prof. Trevor Britz is die nuwe hoof van die Departement Voedselwetenskap.

In die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is prof. Pierre Olivier van die Departement Rekeningkunde van medeprofessor tot professor bevorder en prof. Kobus van Schalkwyk van senior lektor tot medeprofessor. Mej. Ilana Uys en mnr. George Nel is nuwe lektore in Rekeningkunde. Prof. Mark Claassen is aangestel as professor in Statistiek en dr. Theuns van Wyk Kotzé as hoofstatistikus. By die Bestuurskool is proff. Wim Gevers en Tobie de Coning albei van medeprofessor tot professor bevorder.

In die Fakulteit Ingenieurswese is prof. Anton Basson van die Departement Meganiese Ingenieurswese bevorder van medeprofessor tot professor en dr. Thomas Harms is aangestel as senior lektor.

In die Fakulteit Tandheelkunde is prof. Angela Harris, hoof van die Departement Ortodontie, van medeprofessor tot professor bevorder, en dr. Ruth Peters (Herstellende Tandheelkunde) van senior lektor tot medeprofessor. •

## Johan Matthee word dekaan

Die nuwe Dekaan van Ekonomiese en Bestuurswetenskappe is prof. Johan Matthee, wat sedert 1976 voorsitter van die Departement Rekeningkunde was. Hy het prof. Blackie Swart, wat afgetree het, opgevolg.

Prof. Matthee, 'n Oud-Matie, is vanjaar 30 jaar aan die US verbonde. Hy het in 1971 professor geword.



Benoemings en aanstellings wat prof. Matthee al gehad het, sluit in: sekretaris van die Vereniging van Bankinstellings (1964); as lid van die Openbare Rekenmeesters- en Ouditeursraad se opvoekundekomitee (1979-'87) en sedert 1982 is hy vir verskeie termyne deur die Minister van Finansies in dié raad aangestel; en as 'n lid van die Komitee van Universiteitshoofde se rasionalisasiekomitee rakende rekeningkundige studierigtigs. •



## Nuwe hoofdirekteur

Mnr. Nico Basson, wat senior direkteur: Finansies was, het hoofdirekteur van Finansies en Dienste geword. Dié twee afdelings is saamgevoeg nadat mnr. Andries van Tonder, hoofdirekteur van Dienste afgetree het. Mnr. Basson, 'n Oud-Matie, is sedert 1966 aan die US verbonde. Hy was sedert 1993 senior direkteur van Finansies.

Twee nuwe direkteure in die geherstruktureerde afdeling is mnr. Hankie Heyns (Finansiële en Bestuurstelsels) en Marie Lombard (Finansies). Mnr. Lombard is 'n Oud-Matie. Daar is nog twee direkteursposte in dié afdeling. Nog 'n Oud-Matie wat in die afdeling bevorder is, is mnr. Henri van Niekerk, wat nou hoofrekenmeester en hoof van die Afdeling Begrotingsbeheer is. Hy dien reeds enkele jare as tesourier in die Rugbyklub se bestuur. •



Dr. Chris Aldrich van die Departement Chemiese Ingenieurswese, een van die twee US-dosente wat verlede jaar 'n SNO-Presidentstoekenning gekry het. By 'n berig hieroor in Matieland 3:95 is sy foto per abuis omgeruil met dié van prof. Piet du Plessis (Ondernemingsbestuur, US). Ons verskoning aan hulle albei, en aan 'n aantal Matieland-leesers wie se eksemplare van die blad gepos is voordat die fout reggestel is.



## 'n Oud-Matie wat homself onderskei het as neurochirurg en as sakeman wat in nege maatskappydireksies dien, is as Suid-Afrika se Boer van die Jaar 1995 aangewys.

Hy is dr. Paul Cluver, wat M.B., Ch.B. en 'n doktorsgraad in die geneeskundige wetenskappe aan die US behaal het. Na 'n uitstaande mediese loopbaan boer hy nou voltyds op die geskiedkundige De Rust Landgoed, Elgin.

As voortreflike sakeman is hy onder meer die ondervorsitter van Unifruco en voorsitter van sewe maatskappydireksies, waaronder Unifruco Navorsingsdienste. Daarby het hy naam gemaak as innoverende vrugteboer en as pionier op 'n nuwe wyna gebied.

De Rust beslaan 2 000 hektaar en is een van die Grabouw omgewing se grootste plaaseenhede. Dr. Cluver het die koel klimaat daar ingespan om saam met Nederburg van die beste wit wyne in die land te maak.

Hy het dié appelstreek se uitmuntende potensiaal vir goeie wyne ontdek. Vir drie jaar na mekaar het sy Weisser Riesling die hoogste Veritas toekenning gekry.

Dr. Cluver is 'n baanbreker op die gebied van geïntegreerde plaagbeheer, met 'n besondere vermoë om praktykgerigte navorsing te vertolk en dit omgewingsvriendelik op sy plaas toe te pas.

## Dr. Paul Cluver: Neurochirurg, Sakeman én Boer van die Jaar

Hy het 'n kernrol vervul om Unifruco Navorsingsdienste tot een van die vrugtebedryf se sterkste hulpmiddels te omskep en vestig 'n kultuur van betaling vir navorsing. As maatskappyvoorsitter daarvan kan hy sy streng wetenskaplike dissiplines, noukeurigheid en organisievermoë met sy medeboere deel.

Dr. Cluver het onder meer op sy plaas met 'n komposteeringsaanleg begin om Grabouw se afval te verwerk. Verskeie munisipaliteite gebruik nou 'n komposteeringsmeule wat hy saam met die WNNR ontwerp het. Ook op die gebied van die hersirkulasie van fabriekswater het hy pionierswerk gedoen.

Sy vrou, Songvei, wat huishoudkunde aan die US gestudeer het, is by die sakebestuur-gedeelte van hul reuse-boerderyonderneming betrokke.

Hul vyf kinders het ook almal Maties geword. Inge het verpleegkunde gestudeer en werk nou as teatersuster op Stellenbosch. Karin, wat verlede jaar B.Sc.Agric. behaal het, span nou ook haar kundigheid op De Rust in. Liesl en Paul is huidige B.Sc.Agric.-studente en Heidi is vanjaar 'n B.Econ.-eerstejaarstudent.

Dr. Cluver se pa was 'n US-dosent, wyle prof. Paul Cluver wat hoof van die Departement Psigiatrie in die Fakulteit Geneeskunde was en wat op 'n gevorderde leeftyd 'n tweede doktorsgraad verwerf het. •

## Ex-Maties excell as young

## d i p l o m a t s

Two graduates from the University's History Department came out on top of a class of 26 trainee diplomats of the Department of Foreign Affairs last year.

They are ex-Maties Jeanne Denyer and Ray Medhurst, who obtained master's degrees in history from the University - both of them with Prof Pieter Kapp as supervisor.

To qualify as a diplomat and be eligible for posting to a South African mission abroad, Foreign Affairs officials have to complete a diplomatic training course offered by the department's Foreign Service Institute.

Ms Denyer and Mr Medhurst completed this six-month course last year. It included training in political reporting, speech-writing and -making, negotiation skills, protocol as well as conducting oneself during television interviews.

The candidates were graduates from South African and overseas universities. South African experts as well as lecturers from Germany and the Netherlands presented the course. At the end of it the candidates appeared before a panel consisting of the Parliamentary Sub-committee on



Top achievers as trainee diplomats... Mr Ray Medhurst and Ms Jeanne Denyer.

Foreign Affairs, an economist from the Reserve Bank and academics.

Two trophies were awarded. Mr Medhurst obtained the trophy for the Top Achiever, and Ms Denyer for the Most Proficient Communicator. •

# Oudstudentenzinnes



Johan Raubenheimer, 'n oudprimarius van Majuba wat in 1991 aan die Kweekskool afgestudeer het en nou as M.Th.-student ingeskryf is, was 'n lid van die SANW-atletiekspan wat laat verlede jaar in Italië aan die eerste Wêreld Weermag Spele deelgeneem het. Dit het met die halffeeu-herdenking van die einde van die Tweede Wêreldoorlog en die VN se stigting saamgeval, en is in die olimpiese stadion in Rome gehou. Johan, 'n weermag-kapelaan op Upington, het teen van die beste weermag-diskusatlete ter wêreld meegeding en het 'n algehele 12de plek behaal asook twee SA provinsiale en twee Weermag-streekrekords verbeter. Hy is 'n oudlid van die Maties se atletiekklub en was gedurende 1990-'92 die WP-diskuskampioen. Sy pa, Stephen Raubenheimer wat nou op Hartenbosch woon, is ook 'n oudlid van die Matie-atletiekklub (1947-'50) en was destyds 'n stigerslid en die eerste kaptein van die Matie-sokkerklub.



Irna van Zyl, oudredakteur van *De Kat*, is nou die besturende direkteur van Penta Publikasies Kaap. Sy het in 1979 met 'n honneursgraad in Afrikaanse en Nederlandse letterkunde aan die US afgestudeer. In 1982 het sy as redaksielid van *Die Burger* die Stellenbosch Boerewynmakery prys vir haar verslaggewing van 1981 se Karoo en Klein Karoo vloedrampe gewen. Sy was in 1991 'n medestigter van Penta, wat *De Kat* gekoop het en nou nog ses tydskrifte uitgee.



'n Potchefstroomse chemiedosent en Oud-Matie, prof. Piet Steyn, is verkies tot die buro van Iupac (International Union of Pure and Applied Chemistry) en hy het die eerste Suid-Afrikaanse skeikundige geword wat tot Iupac se uitvoerende komitee verkies is. Die verkiesing was by Iupac se tweearlike vergadering teen die einde van verlede jaar in

Engeland, waar prof. Steyn die meeste stemme gekry het van die vier burolede wat uit tien kandidate gekies is. Hy was voorheen president van Iupac se afdeling Toegepaste Chemie, en was die dryfkrug om Iupac te herstruktureer en om 'n afdeling van Chemie en die Omgewing te skep.


'n Oud-Matie wat 'n bekende in Kaapse sakekringe is, mnr. Mof Terreblanche, is die Afrkaans Handelsinstituut se president. Hy is die hoof van die aandelemaakelaarsfirma Senekal Mouton en Kitshoff in die Moederstad. Mnr. Terreblanche (broer van prof. Sampie Terreblanche wat as ekonomiese-professor aan die US afgetree het) het die leisels as AHI-president oorgeneem by nog 'n Oud-Matie, mnr. Walter Scheffler, Sanlam se senior hoofbestuurder en 'n lid van die Universiteitsraad.



## SA afrigator

Oud-Matie Abrie de Swardt van George wat in 1974 Pieke se primarius was, was verlede jaar die afrigator van die SA atletiekspan wat in Kaapstad teen Kenia en Italië meegeding het - in die eerste amptelike atletiektoets waaraan ons land sedert 1996 deelgeneem het. Later in die jaar was hy ook die afrigator van die SA atletiekspan wat aan die Afrika Spele

in Harare, Zimbabwe, gaan deelneem het. Abrie woon nou op George waar hy ondervoorsitter van dié dorp se sakekamer en voorsitter van die plaaslike Sportakademie is. Hy was voorheen hoof van die Goudstadse Onderwyskollege se sportburo en departement liggaamlike opvoedkunde tot die kollege in 1992 gesluit is.



'n Chemiedosent aan die US, prof. Ben Burger van die Laboratorium vir Ekologiese Chemie, is verkies tot lid van die beheerraad van die "International Foundation for Environmental Assistance for Russia." Dié organisasie is gestig om tegniese hulp aan Rusland se wetenskaplikes te gee oor die ernstige omgewingsbesoedelingsprobleme in dié land. Die ander agt lede van die raad sluit drie Amerikaners, twee Duitsers, twee Russen en 'n Switser in.

Prof. Jan Giliomee, hoof van die Departement Entomologie en Nematologie, is tot president van die Habitatraad verkies. Hy het die leisels oorgeneem by prof. Rudi Bigalke van die Bosboufakulteit, wat 15 jaar die president was. Die raad het meer as 21 jaar gelede ontstaan, om omgewingskwessies onder die regering se aandag te bring en om te dien as 'n oorbruggingsliggaam tussen omgewingskundiges en -bewustes. Prof. Giliomee is ook die voorsitter van die omgewingsmonitor-komitee vir die nuwe staalfabriek op Saldanha.



Prof. Hennie Rossouw, afgetrede Viserektor (Akademies) en 'n voormalige filosofiedosent aan die Universiteit, is een van die 13 lede van die Nasionale Kommissie vir Hoër Onderwys, wat sedert verlede jaar Suid-Afrika se tersiëre onderwysstelsel ondersoek om aan die regering voorstelle oor die herstrukturering van dié stelsel te doen. Van die kommissie se aanbevelings kan teen volgende jaar al in werking tree. Dit is die eerste ondersoek van dié aard sedert die Van Wyk de Vries Kommissie sy werk in 1974 voltooi het.

Dr. Albie van Zyl van die Sentrum vir Gestremdesorg en Rehabilitasie in die Fakulteit Geneeskunde het die Kessler rehabilitasie-instituut in Amerika se "International Fellowship" ontvang. Hy is onlangs genooi om dié instituut in New Jersey te besoek om 'n opknappingskursus in geneeskundige rehabilitasie by te woon en meer van sulke praktyke in dié land te wete te kom. In 1995 het dr. Van Zyl die eerste Suid-Afrikaanse dokter geword wat die Diploma in geneeskundige rehabilitasie aan die "Royal College of Physicians" in Londen verwerf het.



Prof. Tobie de Coning van die Nagraadse Bestuurskool het Sanlam se jaarlikse navorsingsprys van R10 000 vir 1995 ontvang. Dit is die tweede keer dat hy die prys kry. Hy gebruik 'n deel van die prysgeld om navorsingsprojekte te finansier. Die prys is verleen vir al die akademiese publikasies en nasionale en internasionale referate wat hy gedurende die jaar gepubliseer en gelewer het.

Prof. De Coning is adjunkdirekteur van die Bestuurskool se bestuursontwikkelingsprogramme.



Prof. Werner van Wyk, wat onlangs as direkteur van die Navorsingsinstituut vir Mond- en Tandheelkunde in die Fakulteit Tandheelkunde afgetree het, het op die gradeplegtigheid in Maart maar die tweede student geword wat D.Sc. in Odontologie in die Fakulteit Tandheelkunde kon verwerv. Dit is in 1984 die eerste keer verleen, aan prof. Hugo Retief, 'n Oud-Matie wat as professor aan die Universiteit van Alabama in die VSA afgetree het. Prof. Van Wyk het in 1972 sy eerste doktorsgraad, Ph.D. in Odontologie, aan die US behaal.




'n Dosent in Godsdienskunde, dr. Jan Botha, het die besondere prestasie behaal dat 'n spesiale sessie by 'n internasionale vakkongres gewy is aan die bespreking van 'n boek wat hy geskryf het. Die "Society of Biblical Literature" (die grootste vakvereniging van Bybelwetenskaplikes in die wêreld) het op sy onlangse jaarkongres in Philadelphia, VSA, 'n paneelbespreking gehou van dr. Botha se boek, "Subject to Whose Authority? Multiple Readings of Romans 13". Die boek is in die VSA uitgegee. Met die bespreking is die boek besonder gunstig beoordeel deur die paneel deskundiges van verskillende Amerikaanse universiteite. Dr. Botha is hier (middel) by twee van dié paneellede, prof. Vernon Robbins (Emory-universiteit, Atlanta) en dr. Evelyn Thibeaux (Trinity-college, Maryland).

## Knap regstudent:



Die 1995-wenner van die Kanseliersmedalje, mej. Judy Malan, het einde verlede jaar met LL.B. afgestudeer en in haar vyf Matie-studentejaare al haar vakke met onderskeiding geslaag. Sy was 'n Universiteitskoorlid, Lydia se primaria en voorsitter van die Studentehof. Vroeg in 1994 was sy en nog 'n Matie die wenspan van die afdeling vir Engels-tweedetaalsprekers by die wêreld studente

debatskompetisie wat in Australië gehou is. Mej. Malan (wat van Randburg in Gauteng afkomstig is) is die dogter van oudparlementslid mn. Wynand Malan, een van die Demokratiese Party se stigter-leiers en nou 'n lid van die Waarheids- en Versoeningskommissie. Sy werk in die Konstitusionele Hof in Johannesburg vir regter Laurie Ackermann, oudprofessor in menseregte aan die US. Judy wil advokaat word, wil aan die Universiteit van Oxford verder gaan studeer en sal ook vorentoe graag 'n universiteitsregsdosent wil wees. •



## Outonome robot

Twee 1995-finalejaar-ingenieurstudente, Aniel le Roux en Dirk van der Merwe, het die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektriese Ingenieurs se jaarlike wedstryd vir elektriese ingenieurstudente in hul finalejaar gewen. 'n Paneel beoordelaars uit die bedryf het die twee Maties se skripsie oor die ontwerp en konstruksie van hul outonome robot genaamd "Acrobot" (foto bo) wat 'n gimnas op 'n hoë balk voorstel, as die wenner aangewys. Sover bekend, is dié "Acrobot" slegs die tweede geslaagde een nog. 'n Kanadese doktorale student het die eerste een gebou. •

## Skoon drinkwater:

Kobus Botes, wat einde verlede jaar B.Ing. (Chemiese Ingenieurswese) met lof behaal het en nou as M.Ing.-student ingeskryf is, is die eerste ontvanger van die Ingenieursfakulteit se nuwe Jac van der Merwe Prys vir Innovasie. M-Net borg dié prys van R10 000, vir die finalejaar-ingenieurstudent wie se projek of skripsië die meeste van vernuftige of oorspronklike denke getuig. Hy het die prys gekry vir sy projek oor kruisvloeï-ultrafiltrasie as 'n eenstap-verhelderings- en ontsmettingsproses vir drinkwater aan landelike en plaasgemeenskappe. Dié proses kan drinkwater aan klein gemeenskappe lewer. Die prys vereer mn. Jac van der Merwe, 'n oudstudent van dié fakulteit en 'n M-Net medestigter wat in 1994 in 'n vliegongeluk in Europa dood is, se nagedagteenis. Dit is die fakulteit se grootste prys en een van die belangrikste US-toekennings. •

Foto: Die Burger



## Na Parys genooi



Liezl Stoltz, wat verlede jaar 'n eerstejaarstudent aan die Konservatorium was, het na Frankryk vertrek waarheen sy genooi is om haar dwarsfluitstudies vir drie jaar onder Alfred Cortot aan die "École Normale de Musique de Paris" voort te sit. Sy was 'n student van Eva Tamassy aan die US Konservatorium. Liezl het ook die Naspers Musiekprys vir R5 000 gewen, wat jaarliks toegeken word aan 'n uitnemende musiekleerling/student onder 21 wat 'n orkesinstrument (klavier uitgesluit) speel. Twintig instrumentaliste van oor die hele land het meegeding. Dié prys het ook 'n oorkonde en 'n silwermunt van die Hugenotevereniging ingesluit. Sy het in Bellville grootgeword. Haar ma, mev. Betsy Stoltz, is 'n US-ekonomiedosent. •



Aniel le Roux



Dirk van der Merwe

## Erfgeld koop

# Rodin-beeldhouwerk

Watter verbintenis het die Universiteit met die eiland Pakan Baroe en met die beroemde Franse beeldhouer Auguste Rodin?

Pakan Baroe? Dié onbekende plek in die Stille Oseaan was die goewerneur se setel in die Nederlands-Indiese kolonies. In die veertigerjare was die goewerneur daar mnr. Thijs Woudstra (1905-'93). Die Japanners het hom vanaf 1941 vir vier jaar as krygsgevangene aangehou.

Na die Tweede Wêreldoorlog word hy goewerneur op Nieu-Guinee, tot hy in 1951 aftree en 'n wêreldreisiger word, met Suid-Afrika as tuiste en Kaapstad as vaste woonplek. In die sestigerjare het hy familie op Stellenbosch gehad: Mnr. AD Sparrius, 'n Matie-ingenieurswesestudent, en sy vrou, Verona, wat in die beeldende kuns gestudeer het. Sy onthou dat mnr. Woudstra hulle destyds op Stellenbosch besoek het en dat daar gesels is oor die waarde wat afgietsels van die groot meesters se werke vir kunststudente kan hê.

Min het hulle geweet dat dié gesprekke 30 jaar later tot 'n kosbare kunsnalatenskap aan die Universiteit sou lei - 'n Rodin-beeld in brons wat nou in die Sasol Kunsmuseum pryk.

Mnr. Woudstra was 87 jaar oud toe hy in 1993 in Nederland oorlede is. Meer as twee jaar later, in Mei 1995, laat weet die eksekuteur van sy boedel dat die Universiteit 'n groot bedrag by mnr.

Woudstra geërf het, op voorwaarde dat 'n eksemplaar in brons van 'n Rodin-beeldhouwerk (of van 'n ander groot Franse beeldhouer se werk) aangekoop en op die kampus uitgestal word.

Met die geld wat mnr. Woudstra nagelaat het, kon die Universiteit ten beste 'n beeld by die Musée Rodin in Parys aankoop en nie by byvoorbeeld private versamelaars of ander instansies nie.

Auguste Rodin (1840-1917), een van die grootste Franse beeldhouers, het al sy besittings aan Frankryk nagelaat, volgens 'n ooreenkoms wat hy kort voor sy dood met die Franse regering gesluit het. Dit het onder meer geleid tot die ontstaan van die Musée Rodin in sy eertydse woonhuis, die Hotel Brion in Parys, en tot Franse staatsbeheer oor en administrasie van dié nalatenskap.

Rodin het self goedgekeur dat afgietsels van sy werke gemaak en verkoop word, om die bestuur van sy nalatenskap te help bekostig. Die Musée Rodin hou toesig hieroor. Volgens 'n kode wat die Franse regering in 1981 neergelê het vir die reeks-uitgawes van alle kunstenaars se werk, mag 'n beperkte getal afgietsels van elke Rodin-beeld gemaak word - mits dit slegs aan openbare versamelings verkoop word.

Die werk wat die Universiteit by die Rodin-museum gekoop het en wat onlangs in die Sasol Kunsmuseum op die kampus bekend gestel is, heet *Jean d'Aire (Tête Colossal)* oftewel *Die Monumentale Kop van Jean d'Aire*. Dié 64,4 cm hoë werk in brons het teen 1909-'10 ontstaan uit voorstudies wat Rodin gemaak het vir sy beeldgroep, *Die Burgers van Calais* - een van sy bekendste werke.

Die bestaan uit ses figure en is op die dorpsplein in die stad Calais aan die Franse noordkus. Die beeldgroep is in 1895 opgerig as monument ter herdenking aan 'n veertiende eeuse gebeurtenis, toe Calais in 1347 deur die Engelse onder koning Edward III (1312-'77) beleër en van die buitewêreld afgesny is in 'n poging om 'n Engelse vastrapplek daar te kry.

Edward het onderneem om die stad van hongersnood te red, mits ses van die voorste burgers in vodde geklee die stadspoort se sleutel oorhandig as simbool van die stad se oorgawe aan Engeland. Die Rodin-beeldgroep toon dié ses, trots maar verneder en onder die indruk dat hulle tereggestel sou word. Hulle is egter nie doodgemaak nie, danksy die tussenkom van Edward se Vlaamse koningin, Phillipa - maar Calais was vir 200 jaar daarna 'n Engelse besitting.

Rodin het die opdrag vir dié heroïsche monument in 1884 gekry en meer as 'n dekade daaraan gewerk. Hy het later verskeie onafhanklike beeldhouwerke, meestal in brons, geskep uit die voorstudies vir die beeldgroep.

Die beeld wat nou op die Matiekampus pryk, is die kop van Jean d'Aire, wat waarskynlik Calais se burgemeester was, want in die beeldgroep dra hy die stadspoort se sleutel. 'n Voorste Paryse gieter, E. Godard, het die beeld in 1986 in brons gegiet vanaf Rodin se oorspronklike gipsmodel en volgens die Musée Rodin se voorskrifte. Dié museum bewaar die gipsmodel, wat doelbewus effens beskadig is sodat dit nie vir verdere afgietsels gebruik kan word nie. Behalwe die werk op Stellenbosch, besit die Musée Rodin self en 'n kunsmuseum in Los Angeles onder meer ook afgietsels van dié werk. Daar bestaan slegs vier eksemplare daarvan wat deur Godard gegiet is.

Matieland spog nou met een van die min - en waarskynlik die grootste - Rodin-beeld in brons in 'n Suid-Afrikaanse openbare versameling. Die werk is permanent in die Sasol Kunsmuseum op die kampus te sien. •



# NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN DIE KONVOKASIE:

30 NOVEMBER 1995 IN DIE H.B. THOM-TEATER

Aanwesig: Proff. B. Booyens (President en Voorsitter), T. Pauw (Visepresident), mnre. P.D. Abels, J.A. Aspeling, D.M. Bain, mev. L. Bardin, prof. P.G. Bardin, mev. I. A. Barnard, prof. W.S. Barnard, mnre. W.J. Bekker, J.F. Bestbier, mev. J.S. Booyens, proff. A.G. Botha, B.V. Bredenkamp, A.J. Brink, mev. L.T. Brink, dr. P.A. Brink, mnre. W.P. Burger, mev. H.A. Cawood, prof. J. Cawood, mnre. C.L. Churms, prof. G.G. Cillie, mev. E.J. Cilliers, prof. S.P. Cilliers, dr. V. Claassen, proff. W.T. Claassen, F. Cloete, mnre. C. Coetzee, dr. F.J. Coetzer, mev. D. Conradie, ds. F.J. Conradie, mnre. R.P. Conradie, me. D. de Jong, mnre. J.H. de Jongh, dr. J. de Clerk, mev. H.C. de la Bat, dr. D.P. de Villiers, D.S. de Villiers, mev. M. de Villiers, S.J.A. de Villiers, prof. M.P. de Vos, mnre. E.B. de Vries, mev. B.G. de Wet, proff. P.J. de Wet, P.R. de Wet, mev. S.E. Doman, mnre. W.P. Doman, mnre. A.G. Draaijer, me. C.M. Dreyer, mev. E. Dreyer, mnre. H.S. Dreyer, S.A.P. Dreyer, proff. T.P. Dreyer, P.G. du Plessis, J. du Preez, J.B. du Toit, D.L. Ehlers, mnre. A.J. Esterhuysse, mev. C.S. Esterhuysse, dr. J.H. Esterhuysse, mnre. J.L. Fechter, dr. P. du T. Fourie, mnre. H.H. Gebhardt, J.W. Germishuys, prof. J.H. Giliomee, mev. W.C. Giliomee, J. Greeff, me. J. Groenewald, prof. J.P. Groenewald, dr. M. Hanekom, N.J. Hanekom, mev. C. Hattingh, C.M. Hattingh, dr. D.J. Hattingh, mnre. H.A. Heyl, mev. M.E. Heyl, A. Heyns, dr. J.B.B. Heyns, mnre. J.P. Holtzhausen, mev. S. Holtzhausen, dr. F.A. Janse van Rensburg, mev. R.E. Joubert, prof. P.H. Kapp, mnre. L. Knoetze, dr. H.F. Kotzé, mev. L. Kriel, mnre. O.O. Kritzinger, prof. S. Kritzinger (sekretaris), mnre. A.D. Kruger, mev. E.M. le Roux, mnre. F.J. le Roux, M.S. le Roux, mev. E. M. Louw, mnre. A.D. Luckhoff, mev. S. Lutz, prof. J.A. Malan, mev. C.W. Meaker, M. Meij, prof. J.T. Mei, mev. M.Y. Milani, mnre. I.F. Mocke, C.R. Möller, E.W. Mostert, S.E. Mostert, dr. L. M. Muntingh, mev. M.E. Murray, mej. A. Nel, prof. W.L. Nell, mev. B.E. Olivier, prof. J.P.J. Olivier, mnre. W.R. Olivier, D.J. Oosthuizen, J.C. Oosthuizen, prof. T. Park, mnre. M.J. Paulse, mev. H.B. Pauw, M. Plantema, mnre. J.E. Potgieter, prof. A. Rozendaal, mev. D. Rozendaal, prof. G.M.K. Schüler, mev. R. Schüler, A. Serfontein, H.E. Serfontein, dr. J. Serfontein, mnre. J.A. Sinclair, mev. R. Sinclair, J.H. Smuts, A.H. Stals, dr. E.L.P. Stals, prof. J.C. Steyn, mev. S. Steyn, mnre. J.H. Strauss, adv. G.M. Strydom, dr. N.M. Sumter, mnre. J.P. Theron, prof. B.F. Thiart, dr. J.C. Thom, S. Thom, R.R. Thomson, mnre. L.M. Toerien, D.S. Uys, mev. E. Uys, mnre. P.L. van den Heever, dr. J.G. van der Horst, mev. T. van der Horst, A.L. van der Merwe, mnre. H. van der Merwe, mev. H.A. van der Merwe, prof. H.W. van der Merwe, I.J. van der Mewe, dr. J.J.R. van der Merwe, mnre. P.J. van der Merwe, S.C. van der Merwe, prof. P.W. van der Walt, mev. E.H. van der Westhuizen, mnre. H.P. van der Westhuizen, dr. H.R. van Huyssteen, mev. J. van Huyssteen, A. van Noort, prof. G. van Noort, mev. M.M. van Rensburg, mnre. R.A.J. van Rensburg, F.A. van Schalkwyk, J.A.M. van Schoor, prof. A.J. van Wijk, mnre. A.F. van Wyk, proff. A.H. van Wyk, A.J. van Wyk, A.S. van Wyk, C.B. van Wyk, G. van Wyk, mev. H. van Wyk, M. van Wyk, mnre. A.J. van Zyl, H.B. van Zyl, mej. M. Vermeulen, prof. H.C. Viljoen, dr. D.J. Visser, mnre. G. Visser, J. Visser, W.A.P. von Ludwig, J. Vosloo, mev. M. Vosloo, prof. P.E. Walters, ds. H.F. Witthuhn. (Die presensielys is ook deur 32 besoekers voltooi.)

**1. KONSTITUERING** Die Voorsitter verklaar die vergadering behoorlik gekonstitueer ooreenkomstig die voorskryfe en procedures wat in die Statuut van die Universiteit neergelê is. Ingevolge hierdie voorskryfe is die kennigsgeving van die vergadering in die Staatskoerant en in sekere dagblaaie gepubliseer.

**2. OPENING** Op versoek van die Voorsitter open prof. J.P.J. Olivier van die Departement Ou Testament die vergadering met 'n gebed.

**3. VERWELKOMING** Die Voorsitter heet die aanwesiges welkom en wys daarop dat die vergadering van die Konvokasie elke jaar 'n besondere geleentheid is. Dit is verblydend dat soveel van die senior alumni die vergadering bywoon en daar word met waardering gemerk dat ook die jonger lede se bywoning opvallend verbeter het. In die besonder verwelkom die Voorsitter die Kanselier, dr. J.G. van der Horst, en mev. Van der Horst, die Voorsitter van die Raad, dr. D.P. de Villiers, en mev. De Villiers, die Rektor en Visekanselier, prof. A.H. van Wyk, en mev. Van Wyk, die Viserekotor (Bedryf), prof. H.C. Viljoen, en mev. Viljoen, die Viserekotor (Akademies), prof. W.T. Claassen, en mev. Claassen, asook die Hoofdirekteur: Studentesake, prof. P.R. de Wet, wie se eggenote ongelukkig nie teenwoordig kan wees nie. Voorts verwelkom die Voorsitter prof. G.G. Cillie, voormalige President van die Konvokasie, asook prof. J.N. de Villiers, voormalige Rektor, en mev. De Villiers. Laastens verwelkom die Voorsitter ook lede van die Klub van Oudvoorsitters van die Studenteraad. Hierdie Klub het in die verlede rondom Intervarsity vergader, maar het nou besluit om rondom die Konvokasievergadering byeen te kom. Die Voorsitter spreek die vertroue uit dat dit 'n blywende reëling sal word.

Die Voorsitter bied verskoning aan namens prof. M.J. de Vries, vorige Rektor en Visekanselier, en mev. De Vries, sowel as mnre. P.G. Steyn, Ondervoorsitter van die Raad, en mev. Steyn wat nie teenwoordig kan wees nie.

Op versoek van die Voorsitter staan al die aanwesiges enkele oomblikke op ter nagedagtenis aan die lede van die Konvokasie wat sedert die vorige vergadering te sterwe gekom het.

**4. NOTULE** Die notule van die vergadering van 30 November 1994 wat in Matieland 1/95 gepubliseer is, word as gelees beskou, in orde bevind en deur die Voorsitter onderteken. Daar is geen sake uit die notule nie.

**5. GELEENTHEIDSSPREKERS** Die Voorsitter verduidelik dat die formaat van die geleentheidsrede aangepas is om groter deelname deur die aanwesiges toe te laat. Vanaand tree twee sprekers op en die Voorsitter nooi die lede uit om aan die gesprek deel te neem. Die eerste spreker wat deur die President aan die gehoor voorgestel word, is die Rektor en Visekanselier, prof. A.H. van Wyk, wat die vergadering toespreek oor die onderwerp: "Stellenbosch op pad na die jaar 2000".

In sy voordrag beklemtoon die Rektor dat die jaar 2000 vir die universiteitswese in Suid-Afrika nie soseer 'n mitiese mylpaal is nie, maar eerder 'n baie reële waarskynlike waterskeiding. Die redes hieroor is, onder meer, die impak van die aanbevelings van die Nasionale Kommissie oor Hoër Onderwys wat waarskynlik ten volle gevoel sal word, die demografiese werklikhede van die land wat dan nog verder na vore sal kom en die finale grondwet van Suid-Afrika waarvan die gevolge dan ook reeds duidelik sal wees. Teen hierdie agtergrond gee die Rektor 'n uiteensetting van hoe hy die Universiteit van Stellenbosch in die jaar 2000 wil sien.

In die eerste instansie moet Stellenbosch in die jaar 2000 nog 'n plek wees waar kennis versamel en bevorder word. Tweedens moet die Universiteit van Stellenbosch nog Stellenbosch bly, nie net in terme van die mooi omgewing en rustige atmosfeer nie, maar ook getrou aan sy agtergrond deurdat hy as die oudste Afrikaanstalige universiteit in ons land afgestudeerde jongmense en kennis tot die voordeel van ons land moet produseer.

Die kernvraag is hoe hierdie doelstellings verwesenlik kan word. UNESCO het drie hoofdendes van uitdagings vir hoër onderwys in die volgende paar dekades geïdentifiseer wat ook in ons land van toepassing is:

- 1) snel uitbreidende studentegetalle, wat egter nog steeds gepaard gaan met ongelyke toegang tot hoër onderwys;
- 2) toenemende diversifikasie in hoër onderwys se strukture, programme en aanbiedingswyses, en
- 3) finansiële beperkings.

Hierdie uitdagings moet aangepak word as Stellenbosch sy ideale wil verwesenlik. Dit het belangrike implikasies vir die bestuur van die Universiteit.

Die eerste kwessie wat na vore kom, is dié van die behoud en veral ook die verbetering van standarde. In die steeds meer kompetenterende omgewing wil die belanghebbers in universiteite waarde vir hulle geld hê. Meganismes vir die meting en bevordering van die gehalte van universiteitsopleiding moet uit die universiteitswese self kom. Dit is baie belangrik dat in Suid-Afrika die KUH tans die inisiatief neem met die ontwikkeling van so 'n stelsel vir ons universiteite. Die US het self verskeie jare gelede begin met 'n eie stelsel van eweknie-evaluering van sy departemente deur kenners vanaf ander universiteite. Nuô gekoppel aan die kwessie van gehalte is ook die hantering van agterstande, waar die universiteite noodgevonge die gebrek aan 'n goed uitgeboude sekondêre onderwysstelsel vir die afsienbare toekoms deur middel van oorbruggingskursusse moet probeer verlig.

Die tweede uiters belangrike saak wat behoorlik bestuur moet word, is die behoud van 'n balans tussen relevansie en die akademiese opdrag van 'n soekoe na en oordrag van nuwe kennis en akademiese waardes. Daar is groot klem op die aflewering van markklaar produkte en dit lei tot 'n spanning tussen wetenskaplike relevansie en sosiale relevansie. Beroepsonderwys aan universiteite moet altyd binne die raamwerk van akademiese waardes en metodes bly. Die aanwending van en soeke na nuwe en beter metodes van onderrig en aanbieding is van sleutelbelang. Groter buigbaarheid kan verky word deur, onder meer, die gebruik van moderne kommunikasiemiddels en informasietecnologie, asook die gebruik van modulêre kursusstrukture. Die gebruik van modulêre

30 NOVEMBER 1995 IN DIE H. B. THOM-TEATER

metodes op nagraadse vlak sou daartoe kon lei dat ons persentasie nagraadse studente van die huidige ongeveer 29% na 33% of selfs hoér kan styg. Meer buigbare onderrigmetodes op voorgraadse vlak kan lei tot 'n groter betrokkenheid by opleiding in nie-tradisionele markte vanuit die Bellvilleparkkampus.

Op die terrein van onderrig sien die Rektor ook 'n groter internasionalisering in die sin van sterker inskakeling in die netwerk van internasionale wetenskap en ook in die netwerk van studente- en dosente-uitruil. Omdat ons 'n Afrikaanstalige inrigting wil bly, sal hierdie internasionalisering hoofsaaklik op nagraadse vlak plaasvind, waar dit ook die meeste vrugte afwerp.

Stellenbosch bevind hom tans in die geselskap van die vier of vyf werklike navorsingsuniversiteite in die land, en dit moet ons op die pad na die jaar 2000 bly. Om dit te doen moet ons nie net die finansiële beperkings en uitdagings die hoof bied nie, maar ook 'n nog sterker navorsingskultuur vestig.

Die laaste deel van die strategie om die Universiteit in die jaar 2000 nog steeds die Universiteit van Stellenbosch te laat bly, is goeie universiteitsbestuur en die voortgesette vernuwing van ons bestuurstrukture en -benadering. 'n Groter mate van professionalisering van universiteite se bestuurskorps is onvermydelik. Dit beteken nie dat finansiële oorwegings allesoorheersend moet word nie; finansiële faktore sou kon lei tot die ernstige bedreiging van die outonome van universiteite, maar dit is iets wat met alle krag teenwerk sal moet word.

Die Rektor sluit af met die woorde: "Ek het vir u geskilder wat my ideale vir hierdie Universiteit vir die jaar 2000 is. Ek weet dat hulle gedeel word deur die oorweldigende meerderheid van ons universiteitsgemeenskap, ek vertrou ook deur die lede van die Konvokasie."

Die Voorsitter stel die onderwerp oop vir bespreking en vrae aan die Rektor.

Prof. T. Pauw stel dit dat daar vrae is oor die verandering in karakter aan die US in die sin dat dit meer kosmopolities word. Dit bring weer vrae oor die Afrikaanse karakter van die Universiteit en die taalmedium van die akademiese onderrig. Prof. Pauw vra wat die werklike toedrag van sake is.

Die Rektor verduidelik dat die samestelling van die studentegemeenskap uit die statistieke van prof. P.R. de Wet sal blyk. In die algemeen is dit egter wel so dat alle tradisioneel blanke universiteite meer kosmopolities word en dat die getalle nie-Afrikaanssprekendes beduidend styg. Anders as die geval by die noordelike universiteite, was die stygging op Stellenbosch nie so sterk nie. Ons het altyd die hoogste persentasie Engelssprekendes onder die Afrikaanse universiteite gehad en tans is dit 19%. By noordelike universiteite is die persentasie beduidend hoër. Dat ons nie so 'n drastiese toename in anderstaliges gehad het nie lê daarin dat ons omgewing en voedingsareas, die Wes-Kaap en die Noord-Kaap, hoofsaaklik Afrikaanstalig is. Die US verwelkom die groter kosmopolitiese aard van sy studente, maar in 'n gebied met vyf tersiêre inrigtings waarvan slegs die US en ongeveer die helfte van die Kaapse Technikon Afrikaanstalig is, is daar nie redes vir vrees hieroor nie. In sy taalbeleid is die US nog altyd buigbaar en daar word oorbruggingsprogramme vir Afrikaans aangebied. Op nagraadse gebied is daar groter buigbaarheid vanweë die individuele aard van die onderrig. Die modulêre programme van die Nagraadse Bestuurskool word byvoorbeeld ook in Engels aangebied.

Prof. S.P. Cilliers spreek groot waardering uit vir die visie oor die toekoms wat deur die Rektor voorgehou is. As daardie ideale egter gerealiseer moet word, sal die middele sterk moet uitbrei en daar sal elders as by die Staat daarna gesoek moet word.

Die Rektor deel die vergadering mee dat die Universiteit die afgelope twee jaar uitvoerige finansiële beplanning gedoen het. In die lig hiervan is daar in die afgeloep jaar begin met die pynlike proses van herstrukturering. Die Staat dwing deur sy beleid van afskaling universiteite om self inkomste te genereer. Die US het reeds 'n ervare buitelandse fondsverwerwer in die persoon van mnr. Werner Scholtz aangestel. Die ervaring leer dat buitelandse instansies meer geïnteresseerd is om vir spesifieke projekte by te dra as vir algemene doeleinades. Oud-Maties dra ook baie by en sal waarskynlik in die toekoms om meer gevra word.

Ten slotte illustreer die Rektor die uitdagings waarmee die US te

doen het met 'n voorbeeld: Die Bosbou-hulptoelaag, waaruit 'n groot deel van die koste van die Fakulteit Bosbou gefinansier is, is oor die afgelope vyf jaar uitgefaseer en loop teen die einde van 1996 uit. Hierdie fondse moet dringend vervang word en daar word gesprekke met die bedryf gevoer om 'n standhoudende voorsiening te beding.

Die Visepresident, prof. T. Pauw, stel die volgende spreker, prof. P.R. de Wet, Hoofdirekteur: Studentesake, aan die gehoor voor. Prof. De Wet het vanuit die praktiese onderwys gekom om in die professoraat in Onderwysadministrasie in die Fakulteit Opvoedkunde sy merk te maak. Vandaar het hy gevorder tot Hoofdirekteur: Studentesake, die pos wat hy tans beklee. Prof. De Wet se huidige pos vereis van die bekleer besondere gawes, waarvan humorsin een van die belangrikstes is.

Prof. De Wet spreek die vergadering toe oor die onderwerp: "Die Stellenbosse Student - 1995".

Prof. De Wet verwys baie kortlik na sekere aspekte van die studentergemeenskap van die Universiteit van Stellenbosch.

Inleidend stel hy op 'n positiewe noot dat, hoewel baie dinge op Stellenbosch verander het, baie dinge dieselfde gebly het. Die koshuislewe veral bly nog iets besonders, ofskoon daar nie meer meisies of damestudente op kampus is nie. Daar is nog net vroue en vrouekoshuisse! Ook die inkom- en sluitingstrye het oor die jare verander en is in 1995 heeltemal afgeskaf. Vrouekoshuisse het egter elektroniese deure en deurwagte wat die veiligheid van die studente verseker. Oor en weer besoeke van mans en dames in hulle kamers word ook op bepaalde tye toegelaat. Studente het in 1995 ook groter inspraak in die bestuur van die Universiteit as 'n paar jaar gelede. Studente is verteenwoordig in alle liggeme waar besluite geneem word wat hulle raak, byvoorbeeld die Raad, die Senaat, fakulteitsrade, die Biblioteekkomitee, die Komitee insake Beurse en Lenings, die Fisiese Beplanningskomitee, die Koshuiskomitee, die Sportadvieskomitee, die Sportkleurekomitee en die bestuur van die Langenhoven Studentesentrum. Op hierdie terrein was Stellenbosch die land waarskynlik 'n kortkop voor.

Prof. De Wet vertoon 'n aantal transparante met insiggewende statistiek rakende die Stellenbosse student van 1995. Die US het in 1995 in totaal 14946 studente gehad, van wie 10 554 (of 71%) voorgraads en 4392 (of 29%) nagraads gestudeer het. Van hierdie studente het 18% 'n A-gemiddel en meer as 74% 'n C-gemiddelde of hoér in die matrikulasie-eksamen behaal. Hierdeur word die kwaliteit van die Stellenbosse studentemateriaal geïllustreer. Ongeveer 72% van die studente was Afrikaanssprekend, 19,6% Engelssprekend en 8,4% anderstalig, terwyl 80% uit Kaapland en 10% uit Transval afkomstig was. Tans is 56,5% van alle studente manlik en woon ongeveer 35% in koshuisse.

Die getal swart (anders as wit) studente het sedert 1990 toegeneem van 762 (5,4%) tot 1923 (12,9%) in 1995. In dieselfde tydperk het die getal wit studente afgeneem van 13369 (94,6%) tot 13023 (87,1%), terwyl die totale studentetal toegeneem het van 14 131 tot 14 946. Die getal swart studente toon 'n eksponensiële groei, wat, as dit volgehou word, beteken dat 47% van alle studente aan die US in die jaar 2002 swart sal wees.

'n Oorsig oor die Stellenbosse student kan nie volledig wees sonder vermelding van Coetzenburg en die sportprestasies nie. Daar word 'n goeie balans tussen die akademiese, sosiale en sportbedrywighede gehandhaaf. Daar is tans 60 geregistreerde verenigings en daar word 30 sportsoorte beoefen. Sedert die opheffing van boikotte is internasionale mededinging weer aan die orde van die dag en het ons op tale gebiede skitterende sportlui opgelewer. Dink maar aan mense soos Elana Meyer en Okkert Britz. Ons het op feitlik elke gebied 'n uitstaande jaar beleef. Enkele van die hoogtepunte is die volgende:

Die US het in 1995 18 Springbokke opgelewer en 100 studente het WP- of Bolandkleure verwerf. Wat rugby betref, is verskeie groot wedstryde op die Danie Craven Stadion gespeel, onder meer die tussen die Westelike Provinse en Noord-Transvaal, die Wêrelspan en die res van Suid-Afrika, Australië teen Rumenië asook die wedstryd van die Suid-Afrikaanse 0/23-span. Verder is die Winfield 7's-toernooi vanjaar op Stellenbosch aangebied asook 'n rugbyrodeo waaraan 110 spanne deelgeneem het.

Die Danie Craven-standbeeldprojek staan tans op R800 000. Tans word 'n groot debat gevoer daaroor of Maties volgende jaar vir WP of vir Boland rugby gaan speel. Die besluit is nog nie

geneem nie, maar die lede van die Konvokasie kan verseker wees daarvan dat, wanneer dit wel geneem word, dit weldeurdag sal wees.

Die Hokkieklub het vanjaar 'n sandgevulde kunsgrasbaan van R1,4 miljoen aangelê, terwyl die nuwe gymnasium van die Departement Menslike Bewegingskunde ook in gebruik geneem is.

Prof. De Wet sluit af met die woorde: "Stellenbosch het steeds pragtige, kerngesonde jongmense op wie ons trots kan wees en wat op tale gebiede die leiding in die RSA neem. Stellenbosch staan steeds vir voortreflikheid en uitmuntendheid. Ons wil u verseker dat dit goed gaan in Matieland en vra ons Oud-Maties om lojaal te wees aan hulle Alma Mater, om trots te wees op Stellenbosch, om betrokke te wees by en laer te trek om die Universiteit van Stellenbosch. Ons beleef moeilike tye en elkeen se bydrae is nodig om hierdie inrigting waarvoor ons almal lief is, te bewaar vir ons kinders en hulle kinders as 'n instelling van voortreflikheid met 'n trots tradisie."

Die Ondervoorsitter stel die onderwerp oop vir bespreking.

Dr. D.J. Visser verwys na die versnellende groeikurwe vir die getal swart studente en vra of hierdie groei sal voortgaan, en wat dit vir die toekoms van die US inhoud as die meerderheid studente swart is.

Die Rektor antwoord dat ons studente van alle afkoms 'n plesier is en dat min probleme ondervind word. Hy is nie bekommernaar daaroor dat 47% van alle studente in die jaar 2002 swart sal wees nie, omdat hy glo dat, as gevolg van gehalte en die behoud van tradisies en die akademiese omgewing, dit nie saak sal maak nie.

Die belangrike vraag is hoeveel die US moet groei. Op Stellenbosch kan daar weens die grootte van die dorp nie meer veel groei wees nie; daar is nie ruimte vir groot uitbreidings nie. Die Universiteit het gevoldiglik belê in die Bellvilleparkkampus waar baie ruimte vir uitbreiding is en waar 'n groot bron van studente geleë is.

Prof. G.G. Cillié sê dat daar reeds in die veertigerjare groot argumente geopper is oor die groeimoontlikhede van die US. Destyds was 3000 studente as die maksimum getal beskou. In die lig van die latere ondervinding moet daar omsigtig met statistiek omgegaan word. Prof. Cillié bedank die Rektor en die Universiteitsbestuur namens die US en die land vir die groot, mooi en belangrike werk wat hulle doen.

Prof. Pauw vra of die veranderende samestelling van die studenterkops in die veranderde landsomstandighede die Staatsubsidie kan beïnvloed.

Die Rektor wys daarop dat die huidige en die komende Grondwet diskriminasie verbied. Daar word wel voorsiening gemaak vir spesiale hulp aan mense met agterstande en daar is vanjaar R50 miljoen beskikbaar gestel, gekoppel aan behoeftes. Hierdie bedrag is tussen die universiteite verdeel op aanneming van die getal behoeftiges. Die US ontvang ook geld uit die Desmond Tutu Trust. Wat die voorgestelde nasionale beursleningskema betref, word geen probleem voorsien nie. Die verwagting is dat die Staat hom sal toespits op hulp aan behoeftige studente, en wel sonder diskriminasie.

Prof. P.W. van der Walt deel die vergadering mee dat hy 'n oproep ontvang het van die eerste bruin student wat 'n graad in Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese behaal het om hom te bedank vir die aanmoediging wat hy aan die US ontvang het.

## 6. KORT WORD DEUR DIE VOORSITTER VAN DIE RAAD, DR. D.P. DE VILLIERS

Op versoek van die Voorsitter bedank dr. De Villiers die sprekers.

Prof. De Wet, sê hy, het 'n besondere slag met studente wat kom uit sy dae as skoolhoof. Die voordrag van prof. De Wet was baie insiggewend en interessant. Die manier waarop hy die onderwerp benader het, het sy lojaliteit teenoor die studente en die US getoon, en dr. De Villiers bedank hom namens die aanwesiges vir wat hy vir die studente doen.

Dr. De Villiers bedank die Rektor dat hy ons weer eens vertroue in die leierskap van die Universiteit gegee het. Ons is dankbaar vir

die klem wat gelê word op getrouwheid aan die agtergrond terwyl daar terselfdertyd aandag aan verandering gegee word en die Universiteit reeds ernstig besig is met programme om agterstande te remedieer. In die laaste intansie bedank dr. De Villiers die Rektor vir die belang wat aan navorsing en die uitbou van gehalte gegee word.

Dr. De Villiers stel 'n onbestredre mosie van dank aan die sprekers en die mosie word met akklamasie aanvaar.

Vervolgens rig dr. De Villiers 'n kort woord tot die vergadering en sê dat die Wet op die Universiteit van Stellenbosch bepaal dat die Universiteit, behalwe die Kanselier, die Rektor en Viserektore, ook nog vyf ander komponente het, nl. die Raad, die Senaat, die Konvokasie, die personeel en die studente. Van hierdie komponente is die Konvokasie die grootste en moet tot diens van die Universiteit wees.

Stellenbosch doen meer as ander universiteite, en het ook meer sukses daarmee, om kontak met sy oudstudente te behou. Die behoefte is nie net aan geld nie, maar ook hulp by die aanpak van projekte. Om hierdie verbintenisse ten beste te probeer benut, lê dr. De Villiers die volgende voorstel aan die vergadering voor:

"Hierdie vergadering versoek die bestuur van die Konvokasie om in medewerking met die Universiteitsbestuur ondersoek in te stel na die daarstelling van strukture waarin konvokasielede saamgesnoer kan word om effektiel en kontinueerlik die beste belang van die Universiteit te dien."

Die bestuur word gemagtig om konvokasielede te kooppte om behulpsaam te wees met genoemde ondersoek en versoek om by die volgende konvokasievergadering verslag te doen."

Die President beslis dat die voorstel nie formeel deur die vergadering gehanteer kan word nie aangesien die nodige kennisgewing nie plaasgevind het nie. Hy doen aan die hand dat daar met waardeering kennis geneem word van die baie verdienstelike voorstel en dat die bestuur in die loop van die jaar daaraan aandag gee en volgende jaar verslag doen.

Die vergadering betuig sy instemming met hierdie handelswyse.

## 7. GELUKWENSINGS

Die Voorsitter verduidelik dat met ingang vanjaar die lys van gelukwensings aferol en by die deure beskikbaar gestel word. Die gebruik om die lys van name af te lees was baie tydwendig. Aangesien die opstellers van die lys verder staatgemaak het op berigte wat in die media gepubliseer is, kan die lys uiteraard nie volledig wees nie.

Die vergadering betuig sy instemming met die nuwe reëling.

## 8. VERKIESING VAN PRESIDENT EN VISEPRESIDENT VIR DIE TERMYN 1 JANUARIE 1996 - 31 DESEMBER 1997

Die Sekretaris van die Konvokasie, prof. S. Kritzinger, neem die stoel in en vra nominasies vir die amp van President van die Konvokasie vir die tydperk 1 Januarie 1996 - 31 Desember 1997.

Mnr. R.P. Conradie stel prof. B. Booyens voor as President en prof. T. Pauw as Visepresident. Die voorstel word gesekondeer en die vergadering gaan akkoord daarmee dat albei ampte op die wyse gesamentlik gehanteer word.

Daar is geen verdere voorstelle nie en die Sekretaris verklaar prof. Booyens en Pauw behoorlik verkose. Hy wens die verkose here geluk met hulle verkiesing.

Prof. Booyens bedank die vergadering namens homself en prof. Pauw vir die vertroue wat in hulle gestel is.

## 9. AFSLUITING

Ten slotte bedank die Voorsitter die Sekretaris, prof. Kritzinger, asook mnr. J.L. Fechter en sy personeel vir die reëlings ten opsigte van die vergadering, die Rektor vir die finansiering van die onthaal wat aangebied word en waarna alle teenwoordiges hartlik uitgenooi word, prof. Pauw vir sy ondersteuning, en almal wat na die vergadering gekom het. \*

# MATIELAND HET MET LEEDWESE VERNEEM VAN DIE HEENGAAN VAN DIE VOLGENDE US-PERSON- EELLEDE, OUD-MATIES, MATIES EN ANDERE WAT 'N VERBINTENIS MET DIE

**Mnr. Coenraad G. Badenhorst** (80) van Koffiefontein, Vrystaat; B.Sc. in Landb. (1936); oud-Dagbreker.

**Mnr JC Brand** van Kuilsrivier; B.Comm. (1970).

**Mnr. Cecil Bredell** (62) van Gansbaai; B.Sc. in Landb. (1953).

**Mnr JJ Broekman** (49) van Ventersdorp; B.Mil. (1967).

**Mnr JP (Japie) Cilliers** (55) van Stellenbosch; B.Comm., B.Ed. (1988, '92); was verbonde aan Sivuyile Kollege en voorheen o.m. aan hoër skole Stellenbosch en Simonstad.

**Ds. Pieter J Conradie** (83) van Valhalla, Pretoria; B.A. met lof (1933); was NG leraar o.m. te Eloffsdal, Pretoria-Wes en Valhalla.

**Mnr. Justin George Clark** (20) van Mooirivier, KwaZulu/Natal; B.Sc. (MBK) student en inwoner van Hombré wat op Kersdag 1995 in 'n kano-ongeluk oorlede is.

**Mnr. Gert Crafford** (87) van Stellenbosch, wat van 1929 tot sy aftrede in 1976 tegniese beampete in die Departement Botanie, US, was.

**Dr. Daniël S de Villiers** (51) van Kuilsrivier; B.Sc. en B.Ch.D. (1968, '77).

**Dr. Lana Donald** (geb. van Zyl) (47) van die Tygerberg-hospitaal; M.B., Ch.B. (1972) en oudinwoner van Huis ten Bosch.

**Mnr. TEH Downes** van Irene, Gauteng; B.- en M.Sc. in Landb. (1950, '57).

**Mev. Dorea Dreyer** (geb. Joubert) (33) van Kaapstad; B.A., Hons.B.Journalistiek (1983, '85); was met haar dood 'n redaksielid van *Cosmopolitan*.

**Dr. Malvern B. Georgala** (65) van Nelspruit; B.- en M.Sc. in Landb., Ph.D. (Entomologie) (1949, '54, '78); produksiehoof by die Outspan internasionale sitrussentrum. (Dit is nie sy seun, Oud-Matje-ingenieur mnr. Kent Georgala ook van Nelspruit, wat oorlede is, soos verkeerdelik in Matieland 3:1995 berig is nie).

**Mnr Thomas G Greeff** (52) van Floridaheuwels, Gauteng; B.Comm. (1964); oud-Helderberger; was met sy dood aan Transnet verbonde.

**Mej. Anna D. Gronum** (67) van Bettysbaai; B.A. in Maatsk. Werk.; oud-Monicaner.

**Mnr. Pieter Harteveld** (54) van Stellenbosch; B.A., Hons.B.A., M.A. (1963, '64, '94); was 30 jaar in diens van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal op Stellenbosch waar hy o.m. 'n groot bydrae gelewer het deur 'n nuwe inligtingstruktuur te ontwikkel, asook tot die totstandkoming van die leksikografiese tydskrif *Lexikos*; het vroeg in 1994 'n hartoortplanting ondergaan en op 'n US-gradeplegtigheid twee weke later self sy graad ontvang.

**Mnr. D Johnson** (31) van Kimberley; B.Ing. (1986).

**Mev. Anna de V. Joubert** (geb. Le Roux) (89) van Wellington; M.Ed. met lof (1947); was in die Tweede Wêreldoorlog deel van die radaropsoringseenheid aan die Kaapse kus en het daarna verder gestudeer; voormalige hoof van die Huguenote Seminarium op Wellington tot vroeë vyftigerjare en het daarna as boervrou steeds onderwysbretkings op Wellington en in die Paarl beklee.

**Mnr. Philip L. la Grange** (81) van Durbanville; B.A. (1935); oud-voorsitter van die Studenteraad en oud-primarius van Dagbreek; afgetrede boer, sakeman en politikus; was 'n direkteur van Sanlam en Sankorp, en ondervoorsitter van die Nasionale Pers se direksie; het by Ladysmith en vanaf 1947 by die Paarl geboer waar hy 'n leiersrol in landboukringe vervul het; het in die provinsiale raad en later in die Senaat gedien.

**Mev. JR Langlois** (geb. Scarborough) (27) van Mauritus waar sy 'n onderwyses was en met 'n burger van dié land getroud was; B.A. (1989) en 'n oudinwoner van Nemesia.

**Mnr. GP (Flappie) Lochner** (82) van Somerset-Wes; B.Sc., S.O.D. en Sert. in L.O. (1933, '34, '39); een van die bekendste oud-Springbok-rugbyspelers; was 'n lid van die enigste Springbokspan nog wat 'n toetsreeks in Nieu-Seeland teen die All Blacks kon wen; in 1971 Springbok-spanbestuurder na Australië; later voorsitter van die nasionale keurkomitee; was o.m. dosent en later vir 20 jaar viserektor van die Wellingtonse Opleidingskollege.

**Mnr. AA Louw** (70) van Marquard in die Vrystaat; B.A., S.O.D. (1948, '51).

**Mnr. JPS Louw** van Loeriesfontein; B.Sc. in Landb. (1943).

**Mnr. Adriaan (Attie) Malan** (74) van Parys, Vrystaat; B.Sc., S.O.D., M.Ed. met lof (1941, '42, '51) en 'n oud-Dagbreker.

**Mnr. JP Malan** (84) van Riversdal; B.Sc. in Landb., S.O.D. (1932, '33); oud-Wilgenhoffer.

**Mnr. DF Marais** (72) van Kirkwood; B.Sc. in Landb. (1946); oud-Wilgenhoffer.

**Ds. Schutz Marais** (72) van die Paarl; B.A. (1943); was tot 1988 NG leraar op Calitzdorp, Uniondale, George en in die Paarl.

**Mnr. Randall Markgraaff** (20) van Wellington, 'n B.A.-student wat in 'n skietongeluk oorlede is.

**Dr. Pieter R Morkel** (59) van Stellenbosch; B.Sc. en M.Sc. in Landb. albei met lof, D.Sc. (1957, '59, '63); oud-Dagbreker; het ook as Rhodes-student aan die Universiteit van Oxford gestudeer; was senior lektor in Landbou-ekonomiese aan die US, waarna hy tot die bankwese toegetree het; was o.m. vroeë besturende direkteur en ondervoorsitter van Volkskas; en in die vorige bedeling lid van die Staatspresident se ekonomiese adviesraad.

**Mev. EP Murray** (geb. Grewar) (83) van Humansdorp; B.Sc. in Huish., S.O.D. (1935, '36); 'n oud-Harmoniet.

**Mev. E (Ilse) Murray** (geb. Pauw) (83) van Mosselbaai; Dipl. in Huish., Onderwysdipl. in Huish. met lof en HPOD (1932, '33 en '34); was onder meer hoof van die Laerskool La Rochelle in die Paarl; vrou van dr. GN Murray (berig hier onder).

**Dr. G Neethling Murray** (88) van Mosselbaai; B.Sc. in Landb. en D.Sc. (1928, '40); het daarna by Wits medies gestudeer en in die vyftiger- en sestigerjare op Stellenbosch as genesheer gepraktiseer.

**Dr. AC (André) Myburgh** (74) van Stellenbosch; B-, M- en

# IN MEMORIAM



Mnr. Pieter Harteveld



Mnr. Chris Schoombee

D.Sc. in Landb. (1942, '44 en '56); het ook in die VSA gestudeer; was entomologie-navorser aan die Instituut vir Vrugtetechnologie (nou Infruitech) op Stellenbosch en was gedurende 1978-'81 aan die SA ambassade in Londen verbonde.

**Mnr. JH Neethling** (61) van Robertson; Spes. student in landb.; oud-Wilgenhoffer.

**Ds. Philippus C Oosthuizen** (65) van Saldanha; B.A. (1955); was NG leraar te Stutterheim, Komgha, De Aar, Postmasburg, Windhoek, Aliwal-Noord en Elandsfontein.

**Mev. Petronella M Pio** (geb. Viljoen) (65) van Klaasvoogds, Wes-Kaap; B.A. in Maatsk. Werk (1951) en 'n oud-Monicaner.

**Mnr. RW Prosser** (33) van Luderitz, Namibia; B.Comm. (1985); 'n oud-Dagbreker.

**Mnr. Alec Sheperd Roberts** (82) van Elandshoek, Gauteng; B.Sc. in Bosbou (1934).

**Mej. Lynette Roux** (46) van Bellville; Dipl. in Verplegingsonderwys (1982).

**Mev. Christelle Roux** (geb. Crawford) (48) van Hermanus; B.A. (1970); oudinwoner van Nerina.

**Mev. M Schelhase** (geb. Joubert) (49) van Randburg, Gauteng; B.A., S.O.D. (1967, '68) en oud-Lydiander.

**Mnr. JCL (Chris) Schoombee** (77) van die Paarl; B.Sc., S.O.D., Hons.B.Sc., M.Sc. (1938, '39, '66, '75); oud-Dagbreker; was adjunkhoof van die Paarlse Hoër Jongenskool en tot einde 1989 'n wiskundedosent in die Ingenieursfakulteit aan die US.

**Mnr. DH du P Steyn** (59) van die Wildernis; B.Comm. (1959); 'n oud-Simonsberger; was voor sy aftrede senior hoofbestuurder by Trustbank in Johannesburg.

**Mev. CA Stulting** (geb. Hauptfleisch) (84) van die Strand; B.A., S.O.D. (1933, '34).

**Dr. JJ Swart** (59) van Hentiesbaai, Namibia; B.Sc., M.B., Ch.B. (1958, '66).

**Mnr. JJ Swart** (57) van Bellville; B.A., Hons.B.A. (1958, '61).

**Mnr. LA Theart** (40) van Woodstock, Kaapstad; B.A., H.O.D. (1978, '80).

**Mnr. AJM van der Westhuizen** (73) van Kuilsrivier; B.Sc., S.O.D., B.Ed. (1942, '43, '77).

**Mnr. JH van der Merwe** (92) van Summerstrand, Port Elizabeth; B.Sc., M.Sc., H.S.O.D. (1926, '27, '28).

**Mnr. PA van der Merwe** (83) van Soetdoring aftree-oord, Sinoville, Pretoria; B.A., S.O.D. (1934).

**Mev. AH van Niekerk** (geb. Rossouw) (71) van Stilbaai; Sert. in Spraak en Voordrag, B.A., S.O.D. (1944, '45, '49).

**Mev. EM (Elize) van Niekerk** (geb. Malherbe) (91) van Stellenbosch; H.P.O.D. (1924) en 'n oudinwoner van Harmonie.

**Mev. Lettie van Staden** (geb. Groenewald) (40) van Doringkloof, Pretoria; B.Sc., Hons.B.Sc. in Dieetkunde (1957, '77); oudinwoner van Monica, Majuba en Nemesis.

**Mev. HVB van Tonder** (geb. Müller) (59) van Port Elizabeth; Spes. Onderwyssert., LSOD (1957, '58).

**Mnr. JPJ (Johan) van Vuren** (26) van Bellville; B.Comm. (1992).

**Prof. Reep Verloren van Themaat** (81) van Stellenbosch; B.A., LL.B., M.A. (1934, '37, '38); praktiseer vanaf 1946 as prokureur op Harrismith; het die regsfakulteite aan die universiteite van die Noorde en Bophuthatswana begin; was ook aan die UPE verbonde.

**Mej. AMJ Viljoen** (66) van die Strand; L.Dipl. in Bibl. (1970); oud-werknemer van die US Biblioteekdiens.

**Mnr. HD Viljoen** (69) van Brooklyn, Pretoria; B.Comm. (1946).


**Mev. SC (Sally) Wagener** (geb. Ehlers) (84) van die Strand; B.Comm. met lof, S.O.D. (1932, '33); het skoolgehou te Porterville, Oudtshoorn, Windhoek en die Paarl en het ook by die Transvaalse Provinciale Administrasie in Pretoria gewerk, waarna sy met mnr. Wolfram Wagener, wynmaker van Simondium by die Paarl getroud is; was sover bekend die eerste vrou wat 'n B.Comm.-graad aan die US behaal het.

**Mnr. Schalk Willem Walters** (79) van Jeffreysbaai; B.Sc. in Landb. (1940); was direkteur van landbou en voorligting in die Oos-Kaap (Queenstown) en Wes-Kaap (Stellenbosch) waarna hy tot sy aftrede aan die Direktoraat van Landbou en Voorligting, Pretoria, verbonde was.

**Dr. JJ Wannenburg** (63) van Pretoria; Ph.D.(Ing.) 1966.

**Mnr. Carl H Winckler** (49) van Stellenbosch; B.A. (Regte) (1969); was prokureur in die Eikestad. •

# Reünies



## Empangeni & Richardsbaai

Die Oud-Maties van Empangeni en Richardsbaai se omgewing het teen die einde van verlede jaar 'n reünie by die Umlalazi riëvieroord naby Empangeni gehou. Onder die reüniegangers was (heel bo)Nina en Bester Snymans en Dirk en Liezel Mouton.

Bo: Magdalena (Ogies) en Michiel Knoetze was ook by die saamtrek van Empangeni en Richardsbaai se Oud-Maties.

## Regsfakulteit vier 75 jaar

Die Fakulteit Regsgeleerdheid herdenk op 4 en 5 Oktober sy 75-jarige bestaan. 'n Vol program word vir alle oud-regstudente gereel. Volgens prof. James Fourie, Dekaan van die fakulteit, sal die feesvieringe die Vrydagavond afskop met 'n informele geselligheid in die vierkant van die Ou Hoofgebou. Saterdagoggend word die jaarlikse Morti Malherbe Gedenklesing gehou en gholfgeesdriftiges sal ook hul sport dié naweek kan beoefen. Die feesverrigtinge word die Saterdagavond met 'n formele dinee in die Stadsaal afgesluit.

Volledige inligting verskyn binnekort in die fakulteit se nuusbrief. Belangstellendes wat die driekwarteeufees wil bywoon, moet asseblief so gou moontlik die fakulteit skakel (tel. 021-8083195, faks 021-8866235).

## Monica reël saamtrek

Monica, wat vanjaar 70 jaar oud is, beplan 'n eendag-reünie op Saterdag 21 September. Oud-Monicaners sal kan sien hoe lyk die koshuis sedert dit enkele jare gelede heeltemal vernuwe en heringerig is. Skakel Alta Behrend in Kaapstad, tel. 021-968258, of Marietjie Maré (Inwonende Hoof) tel. 021-8082455.



## Natalse gholftoernooi

Simon van den Bosch (links) wat by die Natalse Oud-Maties se 1995-gholftoernooi op Umdoni gesorg het dat hy weer die wenner bly. Hy is hier by Gerrie Fourie van Stellenbosch Boerewynmakery, wat dié toernooi elke jaar borg. Vanjaar se toernooi is op 23 Junie op Umkommaas, en daar word gesoek na iemand om Simon te onttroon. Almal wat wil deelneem, kan Rein Kelder (tel. 031-822825, by sy huis) bel.

## Dagbreek gaan driekwarteeu vier

Dagbreek beplan 'n groot reünie in die naweek van 27-29 September ter viering van die koshuis se 75-jarige bestaan. 'n Kenmekaar-braai en huisvergadering word vir die Vrydagavond beplan, gevvolg deur 'n osbraai, gholftoernooi en formele dinee op Saterdag, en 'n kerkdiens dié Sondagoggend. Meer besonderhede sal later bekend gemaak word. Inwoning sal in die koshuis verskaf word. Die kontakpersone is: Ceaser Soares, tel. of faks 021-8864981; De Wet Strauss (Inwonende Hoof) tel. -8083156 (W) of -8082400 (H) en faks -8083145; asook Phil du Plessis in die Paarl, tel. 021-8723181, faks -8632690.



## Prof Gawie kry erepenning

Die Universiteit se Klub van Oud-Studenteraadsvoorsitters het 'n oorkonde en goue erepenning aan prof. Gawie Cillié (regs) oorhandig. Hier ontvang hy dit van die klubvoorsitter, prof. Danie du Toit. Prof. Cillié (85) het in 1975 as wiskundedosent aan die Universiteit afgestree. Hy was toe sewe jaar dosent in kerkmusiek aan die UOVS en ses jaar president van die US Konvokasie. Sy pa (en naamgenoot) was die US se eerste rektor nadat die Victoria Kollege in 1918 die Universiteit geword het. Prof. Cillié jr. is 'n Oud-Matie, wat ook aan Oxford en Harvard gestudeer het. Hy het onder meer as sterrekundige naam gemaak, en was 15 jaar dirigent van die Universiteitskoor. In 1946 was hy die stigterdirigent van die Kweekskoolkoor. Hy is die vyfde ontvanger van die oud-SR-voorsittersklub se erepenning en oorkonde. Voor hom het prof. Gans Meiring, dr. Danie Craven, prof. Mike de Vries en dr. Jan van der Horst dit gekry.



Are you  
sure that you are  
making the most of your offshore  
financial resources?...

Tony Buckley has been managing Southern African clients' international funds for 14 years reporting to them personally during his frequent visits.



Complete confidentiality  
Your portfolio managed professionally by  
successful offshore money advisers.


The average annual growth  
achieved from a Medium Risk  
Sterling Portfolio during the past  
three years amounted to 18.4%\*.




Low or no up-front charges, no tax deductions.



"Buy a home in Britain" service, with Bond finance.




Offshore trusts set up, bank accounts opened.



Client protection via professional indemnity insurance.

Tony Buckley and colleague Pam Beith will be visiting South Africa again during May 1996.

For free advice on your offshore affairs, without obligation, respond NOW...



Please send me more information

Please contact me when visiting SA.

Name .....

Address .....

Postcode .....

Tel. (home) .....

Tel. (work) .....

Fax. No. .....

Mail to: AJ Buckley Asset Management Ltd.  
Robuck House, Brighton Road,  
Godalming, Surrey GU7 1NS  
United Kingdom


**For instant service:**  
Fax to 0944 1483 426 123 or  
Telephone 0944 1483 426 300

\*Source: AJ Buckley Asset Management Ltd  
for the period ended 31/12/94  
Past performance is not necessarily a guide to future success. The value of investments and the income derived from them can go down as well as up and the investor may not get back the amount originally invested.

MTL/5

# FYNBOS VILLA

Die Victoriaanse Gastehuis met gehalte diens  
Lieflike middedorp verblyf in Stellenbosch  
Akkrediteer en aanbeveel deur Satoer



*Bring 'n onvergetlike besoek aan Fynbos as sakepersoon of toeris*

5 min loopafstand na Universiteit, Konseratorium, Historiese Middedorp, Coetzenburg, Botaniese tuin en Tradisionele Restaurante

Ruim Dubbelkamers en suite & Privaat Familie Kothuis met Tel, Faks, TV (M-NET), Ontbyt, Mini Konferensies

Boomryke Tuin, Swembad, Braai, Onderdak Parkering

Professionele diens vanuit moderne toegeruste kantoor in Afrikaans/Engels/Duits

*Skakel ons kantoor*  
**TEL 021-8838670      FAKS 021-8838479**  
**NEETHLINGSTRAAT 14, STELLENBOSCH 7600**



# GEVAAR: ROOK VEROORSAAK HARTSIEKTES

16 mg teer 1,5 mg nikotien Soos per Regeringsooreengekome metode

Die Room  
van die Oes  
is in  
Rembrandt van Rijn



ELKE SIGARET 'N MEESTERSTUK